



OORDENKINGS UIT
ESTER

**DIE
HERE
BEPAAAL
MY LOT**



GM BOERSEMA

GUIDO MARNIX BOERSEMA

Eerste druk: Oktober 2019

Tweede druk: November 2019

Uitgegee deur Scriptura Publikasies

© 2019

www.scriptura.co.za

Voorwoord

Daar was deur die eeue heen heelwat vrae oor die boek Ester en selfs gerespekteerde teoloë het die boek nie as deel van die kanon gesien nie. Boonop is dit 'n uitdagende teks om verskeie redes, onder andere kom die Naam van die HERE nie een keer in die hele boek voor nie. Die gevolg is dat die boek miskien té vinnig opsy geskuif word en nie die verdiende aandag op die kansel en tydens huisgodsdienste geniet nie. Ek hoop dat hierdie verwerking van preke uit hierdie pragtige boek diepgaande geloofsgroei by elke leser tot gevolg sal hê. Dit is my oortuiging, dat elke woord en sin van die boek Ester deel is en moet wees van die kanon. Die wonder van die boek is juis dít, dat die HERE Homself so glashelder daarin openbaar, selfs wanneer Sy Naam verswyg word. Hierdie boekie is 'n samestelling van preke wat ek in 2019 in die Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet gelewer het. Ek het dit so verwerk, dat dit as 'n geheel gelees kan word as 'n boek oor Ester, maar ook as oordenkings kan dien tydens Bybelstudies of huisgodsdienste daaruit. Ester is vir baie gelowiges 'n gunsteling-Bybelboek en dit is 'n pragtige verhaal wat vertel van God se almagtige werk in die alledaagse lewe. Dit is 'n Boek wat vertel van God wat situasies geheel en al omkeer. 'n Boek wat vir ons illustreer hoe Bybelse wysheid in praktyk lyk. Bowenal is Ester 'n boek wat vir ons wys, dat die Here soewerein is en oor ons lewens regeer - *Hy bepaal my lot.*

Marnix Boersema
Graaff-Reinet

Inhoudsopgawe

1. Wie het die mag?	bl. 3
2. Die Here werk anders	bl. 11
3. Mordegai & Haman: die eeue-oue oorlog	bl. 21
4. Ester neem haar kruis op	bl. 31
5. Wys of trots?	bl. 41
6. Toevallig?	bl. 51
7. Die Here keer boosheid om	bl. 60
8. 'n Tweede bevelskrif	bl. 72
9. Onthou die werke van die Here!	bl. 82

1. Wie het die mag?

Selfs in die heiden se paleis, sit die Here op die troon

Ester 1

‘n Mens sou dink dat die koning van die magtigste Ryk ter wêreld, werklik gelukkig sal wees. Jy kan jou nogal voorstel dat ‘n man wat honderd-sewe-en-twintig provinsies besit, tevrede sal wees. Iemand wat kan doen wat hy wil, wanneer hy wil – iemand wat alles het wat sy hart begeer. Sekerlik gaan dinge vir so ‘n man net vooruit? Is dit die geval met koning Ahasvéros van Persië?

In die wintermaande gaan bly hy in sy paleis in Susan. Weelde en rykdom wat ons ons nie kan voorstel nie. Die rykdom word vir ons mooi uitgestal in hierdie hoofstuk:

Linne-, katoen- en pers stowwe was met linne- en purperrooi bande vasgemaak aan silwerringe en marmerpilare! Goue en silwerrusbanke op ‘n plaveisel van malachiet en van witmarmor en perlemoensteen en gevlekte marmor! (v. 6)

Maar teen die einde lees jy dat al die mag en al die skatte van koning Ahasvéros hom geen ware en blywende geluk gebring het nie. Ons sien hier ‘n koning wat nie weet wie God is nie en hy weet nie wie hy in verhouding tot God is nie. Ons sien hier ‘n man wat dink sy mag is in *homself* gesetel. ‘n Selfbehepte despoot wat hom laat lei deur sy impulsiewe geite en giere.

Die wêreld sê vir ons ook in ons tyd, dat dit presies is wat ons wil hê. Ek

maak soos ek wil en soos ek lus kry, soos koning Ahasvéros. Ek het die mag om te doen soos ek wil, sonder enige voorbehoud of selfbeheersing. Luister maar na die hedendaagse popliedjies – dit word tot vervelens toe by ons ingeskerp.

Ester 1 wys vir ons dat ‘n man sonder God, ‘n man is wat aan homself oorgelaat is. Dit bring beslis nie geluk soos wat ons gedink het en soos wat vir ons vertel word nie. Iemand wat dink hy het al die mag en kan doen wat hy wil, veroorsaak totale verwoesting en ongeluk.

Ahasvéros leer dit vir ons by uitstek: So magtig as wat hy is, erken hy nie dat alle mag van God af kom nie, besef hy nie dat wysheid om te regeer, om reg te onderskei en te dink – alles van die Here af kom nie. En daarom kan ‘n man soos Ahasvéros, in sy self-verliefdheid – ook nie sy vrou reg liefhê nie.

Sy huwelik met Vasti loop op die rotse. Sy naam word opgeteken as ‘n magtige koning wat die hele destydse wêreld regeer. Tog is hy in die oë van die Here ‘n groot mislukking. Hy wil sy mag en gesag afdwing en forseer selfs oor sy eie vrou en huishouding. Hy is die baas van sy huis, maar hy is nog geen Bybelse hoof nie. Daar is ‘n groot verskil!

Maar die onvoorspelbare, wispelturige en impulsiewe dade van Ahasvéros is vir die Here uiters voorspelbaar – om die waarheid te sê, Hy weet al lankal daarvan. Ja, nie net weet Hy daarvan nie, Hy gaan dit alles ten goede laat meewerk in die groter plan vir Ester, vir die Jode en uiteindelik vir my en jou en die hele, wêreldwye kerk!

Ahasvéros wil vir al sy amptenare en stadsburgers wys dat hy die mag het, maar hy is verkeerd. Ons sien in die boek Ester, dat die Here van begin tot einde agter die skerms Sy plan uitvoer. Alle mag en alle gesag kom van God af. Niemand kan mag en gesag genereer nie! Jy kan dit net leen, van die Almagtige!

God staan bo-oor “magtige” Ahasvéros. Dit is juis waarom die naam van die Here nie een keer in die boek Ester genoem word nie! Die Heilige Gees wil vir jou met hierdie boek wys: al sien jy nie die Here nie, is Hy nog steeds daar. Al lees jy nie van Hom in hierdie kortverhaal nie, is dit onmoontlik om Sy teenwoordigheid te mis!

Hoe troosryk is dit om dit vandag te hoor? Vir ons wat vandag ook leef onder ‘n regering wat nie weet waar sy mag en gesag vandaan kom nie! Ons sien die soewereiniteit en wysheid van God agter die ydelheid van ‘n koning en die dwaasheid van sy raadgewers.

Jy kyk dalk nou vas in die onvoorspelbaarheid van jou dae en jou toekoms in die land. Dink net hoe onvoorspelbaar en lewensgevaarlik was die wêreld van die Jode in die tyd van Ester! In die tyd toe Ester geskryf is, het baie jare verloop na die ballingskap. Die Assiriërs het die volk weggevoer en heeltemal oor die destydse wêreld verstrooi. Hulle is nou al jare lank in ‘n vreemde land...verstoot, verag.

Mettertyd is die groot Babiloniese Ryk ingesluk deur die Persiese Ryk. Die Persiese Ryk was magtiger as enige ander ryk voor hulle. Hulle het toestemming gegee dat sommige Jode mag terugkeer na Jerusalem om hulle huise en tempel te herbou. Sommige ander Jode het egter nog agtergebly in plekke soos die Persiese hoofstad, Susan. Jode, soos Ester en Mordegai, was maar twee voorbeelde van Jode wat agtergebly het. Ons het nog nie van hulle geles in vandag se hoofstuk nie, maar ons sal natuurlik nog.

Ons moet nou eers die onsekere en angswekkende wêreld van die Jode in die Diaspora verstaan. Veral dié van hulle wat lewe onder iemand soos Ahasvéros, wat absolute mag en gesag het. Hy regeer met streng wet en orde. Hy kan selfs wette instel wat onveranderlik is. Selfs hy, as die koning, kan daardie wette- die onherroeplike wette van die Meders en Perse - nie verander of terugtrek nie!

Alle mag en gesag is in koning Ahasvéros as persoon gesetel. wat hy sê is reg, is reg. Wat hy wil, gebeur. Vir ons as mense lyk dit op die oog af of hy inderdaad al die mag het. Ahasvéros, wat ook koning Xerxes I genoem word, is juis in hierdie tyd besig met 'n strategiese beplanning teen die Grieke. Ons lees in vandag se geskiedenisboeke, hoe hy onder andere die veldslag van Thermopylae gelei het, teen koning Leonidas met sy 300 Spartane.

Om sy oorloë teen die Grieke te beplan roep Ahasvéros, oftewel Xerxes, al sy amptenare op. Hy hou vir hulle 'n maaltyd wat ses maande lank aanhou. Hulle moet oor verskeie regeringsake gesels, maar dit is natuurlik ook 'n geleentheid om te spog met sy weelde en rykdom.

Hierdie groot geleentheid is nie genoeg nie. 'n Tweede fees word uitgeroep. Hierdie keer in Susan, by die koning se paleis. Hierdie keer nooi hy almal, “van die grootste tot die kleinste”, in die stad om op die voorplein van die koninklike paleis se tuin 'n maaltyd te geniet. Nie sommer enige maaltyd nie. Nee, 'n tipiese Ahasvéros-maaltyd. Sewe dae lank.

...al sy vorste en sy dienaars; die leërmag van Persië en Medië, die vername manne en die vorste van die provinsies...waarby hy die rykdom van sy koninklike heerlikheid en die skitterende prag van sy grootheid baie dae, vertoon het. (v. 3,4)

Jy merk op, in die hoofstuk hoe die skrywer vir ons baie duidelik maak dat Ahasvéros geen moeite en onkoste gespaar het om sy prag en praal te vertoon nie. Hy laat die mense selfs drink uit baie duursame Persiese bekere. Hulle hoef ook nie, soos die gewoonte was, net te drink wanneer die koning drink nie. Nee, hulle kan drink wanneer en soveel hulle wil, sê v. 8

Daar is wyn in oorvloed! “Eg, koninklik”.

Na die sewe dae, toe die koning en meeste mense daar, dronk is, gee hy opdrag dat sy beeldskone vrou, koningin Vasti, met haar kroon voor die koning gebring moet word. Hy wil haar soos een van sy baie besittings uitstal. Hy wil haar vertoon. Sy is maar net nog iets wat hy kan gebruik om sy mag vir almal te wys, maar...koningin Vasti weier.

So tipies van 'n selfbehepte man soos Ahasvéros, raak hy woedend. Hy laat hom lei en ompraat deur sy sogenaamde wyse raadgewers. Terloops, die skrywer gebruik nogal humor in hierdie boek, veral in hierdie hoofstuk. Die Jode wat wydverspreid woon kry swaar, maar hulle lag wanneer hulle lees van die magtigste koning wie se vrou nie vir hom wil luister nie!

En asof dit nie lagwekkend genoeg is nie, vra hy raad by die- hoor nou die humor- die *wyse manne*, die kenners van die tye. Hulle beweer dat dié situasie nie net 'n persoonlike of huweliksprobleem vir die koning is nie, maar eintlik 'n bedreiging van sy mag in die hele koninkryk! Die koning laat hom ompraat en oortuig deur sy raadgewer Memugan, wat sê:

...die geval van die koningin sal by al die vroue bekend word, sodat dit hulle manne in hul oë veragtelik sal maak as daar gesê word: Koning Ahasvéros het bevel gegee om koningin Vasti voor hom te bring, maar sy het nie gekom nie. (v. 17)

Vasti se ongehoorsame optrede, gaan totale anargie veroorsaak, beweer die raadgewers. Dit is nie Ahasvéros se huwelik wat hier op die spel is nie, dit is sy aansien. Dis sy ego. Elke vrou gaan nou ook Vasti se voorbeeld volg en hulle mans verag. Daarom, so word die koning aangeraai, moet hy van Vasti skei en haar kroon aan 'n ander vrou gee. Die koning moet vir hom 'n vrou kry, wat doen wat hy sê. 'n Vrou wat hom respekteer. Nie net dit nie, die koning moet ook 'n onherroeplike, onveranderlike wet van Mede en Perse laat skrywe en uitstuur,

...dat elke man in sy huis baas moet wees en sy volkstaal praat. (v.22)

Die raadgewer praat so reg in die koning se kraal. Vasti het nie die koning gehoorsaam nie. Hoe moet dit lyk vir almal wat daar is! Hoe swak en klein kom die koning nou voor – hy, die magtige Ahasvéros word in ‘n oogwink verslaan deur sy vrou, Vasti! Nee, die koning moet weer wys wie is baas! So redeneer die raadgewer. Sien jy hoe redeneer ‘n man wat probeer om mag vir homself te behou? Hy verloor alle gesonde verstand (of, soos die engelsman sê, “common sense”).

Nou kan ons miskien lees van die koning en saam met die Jode ‘n bietjie lag oor wat daar in die koning se paleis aangaan, maar wanneer jy kyk na Ahasvéros, dan moet jy sien, wie ons is, sonder God.

Wat is die verskil tussen ons en Ahasvéros? Die verskil is God se verlossende genade. Genade wat hy aan jou bewys het, sodat jy God kan ken. Genade, sodat jy kan weet wie die Here is en so ook waarlik kan sien wie jy is! Genade om te kan insien en erken dat alle mag wat ons dalk op aarde mag hê, nie ons s’n is nie. God kan dit gee en wegneem aan wie en soos Hy wil.

‘n Man sonder God, is ‘n man oorgelaat aan homself. Dit bring net totale verwoesting en ongeluk, maar nou het die Almagtige vanuit die hemele Homself aan ons bekend gemaak, sodat ons nie meer aan onself oorgelaat is nie!

As jy glo in Jesus Christus, is jy in Sy hande! Hy is nie ‘n impulsiewe despoot nie. Hy is die koning met die doringkroon. Hy is die koning met die kruis as sy troon. Hy, Christus, is die een wat verklaar na sy opstanding:

Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. (Matt. 28:18)

Alle mag is nie in Ahasvéros, of ‘n ander koning, of die regering of in jou

en in my gesetel nie. Alle mag is gesetel in Christus, as Persoon...as Heiland...as Koning! Hy is magtig om te doen nes Hy wil! Wat as God soos Ahasvéros gemaak het soos Hy wil? Wat as die Here vandag iets belowe, maar môre van plan verander? Wat as die Here sê: vandag is die Kerk my beeldskone bruid, maar môre wil ek niks van haar weet nie? Wat as die Here, soos die ateïste vandag beweër, 'n selfbehepte despoot is? Wel dan was ons heeltemal verlore. Hy is dit nie. Die Psalmskrywer sê:

Die Here is genadig en regverdig, en onse God is 'n ontfermer. 6Die Here bewaar die eenvoudiges; ek het swak geword, maar Hy het my gehelp. (Ps. 116:5,6)

Al word Sy Naam nie in hierdie boek genoem nie, is dit die Regverdige wat troon oor die Onregverdige. Dis die Genadige wat heers oor die Wrede. Niks gebeur toevallig nie. Nie eers die koning se “onvoorspelbare” en impulsiewe handeling kan die Here se plan omverwerp nie.

Selvs in die heiden se paleis, is die Here koning! Hy is hier alreeds besig om Sy plan uit te voer om die Jode te bewaar van totale uitwissing.

Die allerhoogste Koning het jou ook gesalf as koning. Dit is hoekom ons onself Christene noem! Ons bely dit in die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 32:

Waarom noem jy jouself 'n Christen?

Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

Ons weet dus wie het die mag. Die Here in die hemel. Ons is Sy beelddraers, Sy Naamdraers. Dit bring vir jou geen geluk en geen vervulling om te doen wat jy wil nie. Daar is geen vryheid wanneer ons leef volgens ons eie geite en giere nie. As ons so leef, bring dit algehele verwoesting en ongeluk, maar wanneer ons leef as Sy Naamdraers, onder die heerskappy van die Heilige in die hemel en erken dat alle mag Syne is en dat Hy my regeer, dan vind ek ware vryheid en vrede! Dan is ek waarlik Christen!

Hy het ons gesalf om met wysheid en onderskeidingsvermoë te regeer. Ons kan nie selfbehep en hoogmoedig regeer nie, maar in nederigheid en selfbeheersing moet ons Sy Naam vereer. Manne, ons moet nie *baas* wees van die huis nie, maar 'n Bybelse *hoof*!

Al kan ons Hom nie sien nie, is Hy agter die skerms aan die werk.

My tye is in U hand. (Ps. 31:16)

2. Die Here werk anders

Die Here maak die onwaarskynlikste helde

Ester 2

Enigeen van ons, wat al langer as 'n dag 'n Christen is, weet: die Here werk anders. Die Here werk so anders as wat ons verwag. Die Here doen nie dinge op ons manier nie. Soos die Engelse gesegde lui: "God works in mysterious ways". Ons sê: "Die Here slaan 'n reguit hou met 'n krom stok". Hy gebruik die onbekwaamste mense en maak van hulle helde, want dit gaan nie oor hulle en hulle bevoegdheid nie! Dit gaan oor die Here wat Sy Raadsplan deur hulle uitvoer.

Kyk net wat het alles met Ester gebeur. As ons vir Ester kon vra: "Het jy verwag dat jy die koningin van Persië gaan word?" 'n Mens kan net wonder wat sy ons sou antwoord, maar ons kan redelik seker wees dat sy nie geweet het watter draaie haar lewe sou maak nie. Die Here het lankal reeds Sy plan met Ester bepaal. Ten spyte van haar gebreke en haar tekortkominge neem Hy haar genadiglik aan as Sy dogter, om 'n rol te speel in Sy groot verlossingsplan.

Hoofstuk 2, is maar net 'n episode in die groter verhaal van Ester, maar stadig en seker word die verlossingsverhaal vir ons ontsluit. In breë trekke sien ons twee dinge gebeur in hierdie teksgedeelte:

- i) Hadassa, oftewel Ester word gekroon as koningin en
- ii) Mordegai ontbloot 'n komplot teen die koning

Verloop van omstandighede

Maar voordat die twee dinge egter afspeel, gee die skrywer eers vir ons 'n kort verduideliking. Wat het gebeur voordat Ester koningin geword het? Wat was die verloop van die gebeure? Dit word vir ons verduidelik in v.1-4:

'n Tyd het verloop vandat koning Ahasvéros in sy dronkenskap geskei het van Vasti. In hierdie tyd, weet ons uit die geskiedenisboeke, is Ahasvéros besig met sy oorloë teen Griekeland. Hy word telkens verslaan en dit dra ook by tot sy neerslagtigheid. Hy is spyt oor wat gebeur het met Vasti. Die man het 'n wet van Mede en Perse opgestel, dus wat gebeur het kan hy nie herroep nie. Dis gedane sake. Sy raadsmanne kom vinnig agter dat die koning ongelukkig is. Hulle besef en besluit: die beste ding om die koning se gemoedstemming te verbeter is 'n nuwe koningin!

Wat sal die kriteria wees vir die nuwe koningin? Die jong raadgewers raai die koning aan dat hy vir 'n jongmeisie moet soek wat mooi is. Dis die eienskappe waaraan die koningin moet voldoen! Dis al! Jonk en mooi! Vir die koning klink hierdie absurde idee natuurlik weereens uitstekend. Hy laat beamptes in elke provinsie aanstel en hulle ontvang die opdrag om te soek vir 'n jong meisies wat mooi is. Terloops *jongmeisie*, beteken hier nie net dat sy jonk in ouderdom moes wees nie, maar dat sy 'n maagd moes wees.

Ester word koningin

Uit al die provinsies, sal net een meisie gekies word om koningin te word. Uit al die meisies, kies Ahasvéros vir Ester. Ons moet liever sê: uit al die meisies, kies die Here vir Hadassa. Die koning van Persië soek 'n mooi jongmeisie, maar God, die koning van die heelal, gaan een van Sy kinders gebruik om uiteindelik die hele Joodse volk van algehele uitwissing te verlos!

Hoe anders werk die Here nie! Kyk watter onwaarskynlike mens gebruik Hy! Kyk hoe anders gaan Hy te werk! Ester is 'n Joodse meisie. Haar eintlike naam is Hadassa. Sy het die Persiese naam Ester ontvang. Dié naam beteken “ster”. Sy is deel van die Jode wat in ballingskap daar in Persië leef, en die meisie, het nie 'n pa of 'n ma nie. Sy is 'n baie onwaarskynlike “heldin” in hierdie verhaal, vir ons, maar ook vir die Jode van destyds. Sy is 'n weeskind, 'n Jood in Persië en dan nog maar net 'n jong meisie.

Teenoor Ester, sien ons vir Mordegai! Mordegai, 'n Joodse man! Boonop 'n Joodse man uit 'n baie vermoënde familie – eintlik 'n adellike familie! Mordegai se oupagrootjie was 'n man met die naam “Kis” en Kis was die pa van koning Saul – die eerste koning van Israel! Kis, so lees ons in die boeke van Samuel, was 'n vermoënde man. Hy was 'n man met kundigheid. Dalk 'n goudsmid of iemand met hoë aansien of iemand wat goed was in die oorlog. Hoekom sê ek dit? Omdat koning Nebukadnesar van Babel destyds, toe hy die Jode in ballingskap weggevoer het, drie keer drie groepe Jode weggevoer het. Die tweede keer, toe koning

Jegonja, oftewel Jojagin koning in Israel was, het koning Nebukadnesar weer Jerusalem aangeval. Hierdie keer het hy net die vermoënde mense weggevoer. Hy het al die armes in Israel agtergelaat.

Kis was deel van hierdie tweede groep vermoënde Jode wat in ballingskap weggevoer is. Dit lees ons in vandag se hoofstuk, vers 6. Mordegai is dus die kleinkind van hierdie belangrike Joodse man, Kis. Vir die Jode is geslagsregisters geweldig belangrik, want daardeur kan 'n mens sien of iemand regtig 'n Jood was en wie sy voorvaders was. Wel, Mordegai se geslagsregister wys nie net dat hy familie is van koning Saul nie, maar Mordegai is dan natuurlik uit die stam van Benjamin. Hy is 'n direkte afstammeling van Abraham.

Ons lees ook dat hierdie Mordegai, , 'n man met *'n sagte hart was*. Toe die dogtertjie Hadassa se ouers oorlede is, het Mordegai haar in sy huis ingeneem en haar grootgemaak as sy eie dogter. Mordegai is sekerlik die waarskynlikste held! Hy sal die Jode verlos! “Kyk Here, hier is Mordegai, gebruik vir Mordegai!” Ja, die Here het beslis vir Mordegai gebruik. Mordegai speel 'n onmisbare rol in hierdie hele verhaal, maar dit is duidelik nou eers die onwaarskynlike heldin, deur wie die Here wil werk.

Ester meld aan by een van die amptenare in haar provinsie - in Susan. Sy word na die paleis van die koning geneem. In hierdie hele tyd, sê sy vir niemand sy is 'n Jood nie, want Mordegai het vir haar gesê om dit stil te hou. 'n Jood sou nie goed behandel word nie.

Ester, die Jood, word in die vrouehuis voorberei vir haar ontmoeting met die Persiese koning. Dit neem nie net 'n dag nie, ook nie 'n maand nie, nee, 'n volle jaar! Sy moet versorg word met allerlei skoonheidsmiddelle—
twaalf maande lank!

Ons moet verstaan wat die opset in die koning se paleis was. Ons lei af dat daar ten minste drie afdelings in die harem, oftewel drie vrouehuse/-kwartiere, in koning Ahasvéros se paleis was. Die eerste afdeling was bedoel vir die koningin. Die tweede was vir die koning se byvroue & die derde afdeling/vrouehuis was vir die koning se maagde.

Ons lei af uit v. 3 en v.15 dat die hofdienaar Hegai die toesighouer oor die hele harem was. Oor die tweede vrouehuis was die hofdienaar Saäsgas aangestel. Wanneer een van die koning se maagde by die koning geslaap het, word sy verplaas na die tweede vrouehuis. Hier moes sy saam met die ander byvroue in eensaamheid lewe. Sy gaan waarskynlik nooit weer die koning sien nie, tensy hy spesifiek na haar vra. Sy mag nie met iemand anders trou nie, want sy is steeds die koning se besitting. Sy mag ook nêrens anders bly nie. Dit was dus hierdie maagde se lot – een aand by die koning en daarna 'n lewe van weelde, maar 'n lewe van afgesonderde eensaamheid. Dit is 'n lewe in goue kettings.

Gedurende die tyd wat Ester in die vrouehuis vir die maagde bly en voorberei word vir haar een ontmoeting met die koning, vind sy guns in die oë van Hegai. Hegai, die hofdienaar wat oor die vrouehuse aangestel was. Ester wou nie soos baie van die ander vrouens

allerhande uitspattige versiersels en rykdomme hê om die koning te beïndruk nie. Sy het vir Hegai gevra om net vir haar te gee wat nodig is. Ons sien dus by Ester *wysheid* en *tevredenheid*. Iets wat ons nog baie by haar sal raaksien en ook nog in diepte sal bestudeer.

Eindelik het Ester, een nag by die koning spandeer en hy het haar liefgekry, meer as al die vroue, sê v. 17. So maak die koning toe vir Ester sy koningin.

Mordegai ontbloot 'n komplot teen die koning

Mordegai is die heelyd in die voorhof van die paleis. Mordegai, die besorgde pa, hou wag oor Ester. Mordegai wonder, vra uit, hy wil weet: "Hoe gaan dit met my dogter, met Ester?"

Wonderlik, wanneer weeskinders so 'n huis vind! 'n Huis waar hulle aanneemouers hulle grootmaak as hulle eie, in alle liefde, deernis en besorgdheid. 'n Huis waar die aanneemouers die Here dien en die kinders leer om Godvresend te lewe.

Mordegai hoor op 'n dag dat twee hofdienaars vir koning Ahasvéros wil doodmaak. Hy vertel vir Ester, sodat Ester dit weer aan die koning kan sê. Mordegai kon seker self na die koning gaan. Hy kon seker self probeer om by die koning guns te wen, deur hierdie komplot te ontbloot maar hy wil hê Ester moet dit aan die koning vertel. Dit sal Ester laat toeneem in guns by die koning.

Die saak word ondersoek en as waar bevind. Die twee hofdienaars word

opgehang en die hele saak word opgeteken in die koning se kroniekboeke. Dit is 'n baie belangrike stukkie inligting hierdie. Mordegai ontvang hier geen onmiddellike erkenning vir wat hy gedoen het nie, maar daar word wel in die koning se boeke geskryf dat dit Mordegai was wat die komplot bekend gemaak het! Hou dit in gedagte vir die res van die boek! Die Here is hier aan die werk, ook in die klein dingetjies!

Hoe anders werk die Here nie! Hadassa, die Joodse weeskind, word koningin. Dit is soos die Here sê in 1 Samuel 2:8:

Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe.

As ons so lees van die mooie Ester, dan kan ons met reg sê dat sy 'n wyse en vrome gelowige was. Sy moes egter as 'n gelowige in 'n baie harde en moeilike wêreld leef en in baie opsigte het sy hierin gefaal.

Die feit dat Ester in die Persiese koningshuis soveel guns geniet het, is omdat niemand kon agterkom dat sy 'n Jood was nie. Vergelyk haar met Daniël, wat in soortgelyke omstandighede as Ester was. Daniël wou nie die koning se kos eet nie. Ester het nie net die koning se kos geëet nie maar ook hulle klere gedra en al hulle gebruike nagevolg.

Vergelyk vir Ester met Josef wat deur sy broers verkoop is aan die Egiptenare. Josef het geweier om by die Farao se vrou te slaap. Hy het weggehardloop en sy het uiteindelik veroorsaak dat Josef in die tronk beland. Ester, aan die ander kant, slaap wel met die heidense

Ahasvéros. Nie net dit nie, sy trou ook met hom!

As 'n Jood, het Hadassa gefaal, moreel gefaal. Sy is dus ook in dié opsig die onwaarskynlike held. Tog het die Here deur haar gebreke en haar foute steeds Sy Raadsplan uitgevoer. Ons kan egter nie vir 'n oomblik dink dat dit ons vrypas gee om nét te leef soos ons wil nie, want “die Here gaan ons tog gebruik” nie. Nee, glad nie. Onthou nou jonge Hadassa moes lewe as Ester. Twee wêrelde bots met mekaar. Sy is 'n gelowige in 'n uiters goddelose wêreld. Ja, sy het foute gemaak, maar dit is nie asof sy gesê het nie: “Ek gaan nou maar net leef soos ek wil, want die Here gaan my in elke geval vergewe”.

Ons gelowiges beleef ook hoe daar by ons in die samelewing 'n botsing is tussen twee wêrelde. Ons lewe as mense van die hemelse stad in 'n aardse dorp. Ons lewe as burgers van die Nuwe Jerusalem in 'n tydelike Suid-Afrika. Die Here eis ook van ons om in hierdie harde wêreld nogtans die regte ding te doen. Ons moet leef as sy kinders, maar die harde werklikheid is dat ons liewer saamsmelt met hierdie wêreld in plaas van om ons Christenskap sigbaar uit te leef...“moet nie vir hulle sê jy is 'n Christen nie!”

Jy kan beslis weet dat die Here in sy heiligheid nie ons sondes sommer net ignoreer nie! Hy het al Sy wraak oor ons sondes op Sy Seun aan die kruis uitgegiet! Baie van ons het 'n houding, dat ons maar kan leef soos ons wil, want die Here sal verstaan! Ons beseef nie hoe heilig die Here is nie. Ons beseef nie hoe groot die prys vir ons verlossing deur Christus was nie! Ons moet ons bekeer van sulke louwarm Christenskap!

Ons is gebroke mense in 'n stukkende wêreld. Ons was weeskinders. Ons het geen heenkome gehad nie. Geen deernis nie, geen liefde nie. Net die leuens, die haat en die vernietiging van die Satan self. Dalk is daar iemand vandag wat hierdie boekie lees, wat werklik 'n weeskind is. Nie net geestelik nie, maar ook regtig sonder 'n pa en 'n ma. Jy kan saam met Psalm 27 sê:

Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem.

Of jy dan vandag 'n weeskind *is* en of jy geestelik 'n weeskind *was*, maar tot geloof gekom het, die woorde geld vir ons almal: Die Here het ons aangeneem! Dit is die genade wat die Here keer op keer aan jou verkondig: dat ons in die Here Jesus Christus aangeneem is, om deel te word van die Here se huisgesin.

Ons het 'n Vader in die hemel – ons het een wat besorgd in die voorhof staan. Ons het 'n Voorspraak wat gedurig hoor en kyk en weet: “Hoe gaan dit met my dogter, Ester?”

Hy trek sy oë nie af van die regverdige nie, maar by konings op die troon laat Hy hulle sit vir altyd, sodat hulle verhoog is. (Job 36:7)

Elkeen wat wedergebore is weet voor die Here: “Ek is dit nie werd nie, Here! Ek is die onwaarskynlikste mens aan wie U hierdie genade kan bewys! Ek kan nie en ek mag nie deel wees van U plan nie!” Jy weet, dit

is waar en dit is waarom die Here ook nie kyk na wie jy is, waar jy vandaan kom, wie jou pa en ma is en of jy vermoënd is of nie. Hy kyk na ons Heiland, Jesus Christus.

Ester het geslaag, maar Hadassa het gefaal. Christus het in geen opsig gefaal nie. Hy het in geen opsig die Here se Woord of Wet oortree nie. Hy het as 'n Joodse man nie saamgesmelt en deelgeneem aan 'n heidense kultuur nie. Inteendeel, Hy het gekom om Sy Koninkryk bekend te maak. Hy die onwaarskynlikste held (in mense se oë) het Sy Koningskap aangekondig. In Sy Koninkryk gebruik Hy ook die onwaarskynlikste mense om Sy Raadsplan uit te voer.

Loof die Here, dat Hy so anders werk!

3. Mordegai & Haman: die eeue- oue oorlog

In Mordegai en Haman, sit die Here Sy oorlog teen Amalek voort

Ester 3

Ons kom nou by die groot krisismoment van die Ester-verhaal. Ons is reeds voorgestel aan Ester en Mordegai. Nou ontmoet ons die booswig, Haman.

Mordegai het teen die einde van die vorige hoofstuk 'n komplot teen koning Ahasvéros ontbloot. Hiervoor het hy geen erkenning of verering ontvang nie. Later lees ons wel dat Haman vereer word en 'n baie belangrike posisie in die Persiese koningshuis beklee. Hoekom hy so vereer word, word nie vir ons gesê nie. Dit is moontlik dat hy verskeie jare lank alreeds heelwat beteken het vir die koning, sy leërmag en die koninkryk. Haman het die "leertjie" sover as moontlik geklim. Hy beklee so 'n hoë posisie dat almal voor hom moet buig en neerval – dit was die koning se bevel.

Mordegai, wat ons in hoofstuk 2 ontmoet het, die Joodse man, weier om voor Haman neer te val. Tot dusver weet niemand dat Mordegai of Ester Jode is nie. Tog kom dit uiteindelik uit – Mordegai sê self dat hy nie voor Haman kan buig nie, want: " Ek is 'n Jood!"

Die feit dat Mordegai weier om voor Haman te neer te buig, maak hom woedend. Dis die tipe woede van koning Ahasvéros wat ons nou al goed leer ken het. Dis die tipe woede wat beslis gaan lei tot 'n onwyse en absurde oorreaksie, net soos die keer toe Ahasvéros woedend geraak het omdat Vasti nie voor hom wou verskyn nie.

Jy sien, dis die tipe woede wat openbaar word deur 'n selfbehepte mens wat nie sy sin kry nie. Dis selfsug wat hoegenaamd nie ingeperk of beheers word nie. Dis rou menswees. Waartoe is iemand wat so selfbehep is in staat? Tot watter uiterstes sal so 'n mens gaan, om hom te wreek op die een wat sy trotse ego gekrenk het? Haman wys ons.

Haman se plan om die Jode uit te moor

Om net vir Mordegai dood te maak is nie genoeg nie. Haman hoor dat Mordegai 'n Jood was. Die dood van een veragtelike Jood sal nie sy wraak bevredig nie, dink Haman. Nee, hy sal die hele Joodse volk uitroei - mans, vrouens, oues, jonges, kindertjies – almal! Haman is die Hitler van die Ou Testament!

Hy stel sy plan vir volksmoord in werking. Die dag en datum van die uitwissing wil hy deur die gode laat bepaal. Haman, so lei ons af, beskou die dag en datum van die uitwissing van die Jode as iets wat die gode se goedkeuring sal wegdra. Die gode sal die dag en datum van die slagting vir Haman aantoon deur middel van die Pur, oftewel deur *die lot te werp*.

Dit word hier vertel, want dit is ook een van die groot redes waarom die boek Ester geskryf is. Die boek is geskryf om aan sy lesers te verduidelik waarom die Jode die “Purimfees” vier. Dit word vir ons aan die einde van Ester duideliker beskryf, maar die Purimfees gedenk die verlossing uit die hand van Haman, die Agagiet, die teëstander van al die Jode.

Die werp van die Pur, waarskynlik iets soos, die hedendaagse dobbelsteen, het aangedui dat die Jode uitgeroei moes word in die maand Adar. Dit is ongeveer elf maande later – elf maande nadat die lot in die maand Nisan gewerp is. Met die dag en datum vasgestel en die plan gereed, gaan Haman na die koning om goedkeuring te kry vir hierdie ondenkbaar wrede massamoord.

Hy sê nie vir die koning dat hy die Jode wil uitroei nie, maar bloot “’n volk” wat:

...verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van u koninkryk, en hulle wette is anders as die van enige volk (v. 8)

Hy gaan sover om die hele volk te beskuldig van ongehoorsaamheid aan die koning se wette. Dit is natuurlik glad nie waar nie – ‘n baie breë veralgemening! Dit was in daardie stadium slegs Mordegai wat nie wou luister en buig voor Haman nie. Haman ken natuurlik sy koning se swak punte: mag en weelde.

‘n Volk wat die wette van die koning nie gehoorsaam nie?! Dit is ‘n volk

wat nie verdien om in sy koninkryk te bestaan nie – hulle verwerp die koning se mag! Die koning en Haman is kranksinnig...magsbehep. Weelde is ook iets wat Ahasvéros se hart baie vinniger laat klop. Hy het veral nou 'n groot tekort aan fondse, aangesien hy 'n massiewe en duur oorlog teen die Grieke gevoer, daarom dat Haman die koning wil omkoop met 'n asemberemende hoeveelheid silwer. Tienduisend talente silwer is ongeveer gelyk aan twee derdes van die hele Persiese Ryk se jaarlikse begroting! Verbeel jou dit! Twee derdes van die begroting vir honderd sewe en twintig provinsies!

Hierdie plan dra die koning se goedkeuring weg. In so 'n mate, dat hy vir Haman volmag gee om te doen wat hy wil, net soos hy wil, in die naam van die koning! Ahasvéros gee vir Haman sy koninklike seëlring. Dit was 'n ring met 'n unieke simbool daarop, wat dan gebruik is om 'n stempel op warm was of klei te maak. Wanneer die koning 'n bevelskrif opstel en uitstuur, seël hy die brief met sy seëlring. Almal wat die bevelskrif ontvang of lees kan dan ook sien dat die unieke, koninklike stempel op hierdie bevelskrif is – dit is in die naam van die koning uitgereik. So kan Haman dan sy plan verder voer.

Die bevelskrif word opgestel en uitgestuur na elke provinsie – iets wat ongeveer drie tot vier maande sou duur, omdat die bevelskrifte met hardlopers uitgestuur is.

Mordegai & Haman. Israel & Amalek. Jakob & Esau

Op die oog af lyk dit vir ons of hierdie verhaal bloot 'n bakleiery was tussen twee mans. Maar, is dit al? Hoekom buig Mordegai nie voor

Haman nie? Daar is baie debatte oor die redes waarom Mordegai weier om Haman te vereer. Die enigste rede wat vir ons gegee word vir Mordegai se wederstrewigheid, is die feit dat hy, soos hyself bekendmaak, 'n Jood is, en hier is die sleutel om te verstaan wat die outeur in hierdie hoofstuk vir ons wil sê.

Mordegai is 'n Jood...en Haman? Haman, sê v. 1, is 'n Agagiet!

...die seun van Hammedata, die Agagiet

Agag was koning van die Amalekiete in die tyd toe koning Saul oor Israel regeer het! Mordegai, soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, was familie van koning Saul! Dieselfde koning Saul wat destyds ongehoorsaam was teenoor die Here in die oorlog teen die Amalekiete. Ons lees daarvan in 1 Samuel 15.

Die Here het beveel dat al die Amalekiete geheel en al uitgeroei moes word deur koning Saul en sy manskappe. Koning Saul het nie geluister nie. Hy het nie net van die beste diere gespaar nie, maar ook die koning. Teen die Here se opdrag in, spaar Saul koning Agag se lewe! Haman, die Agagiet, was dus 'n nakomeling van hierdie einste Agag. Omdat Saul nie destyds al die Amalekiete uitgeroei het nie, soos die Here bevel het, het daar 'n nageslag van Agag oorgebly.

Hierdie oorlog is egter nóg ouer as Saul en Agag! Die stryd gaan nog verder terug, selfs tot in die tyd toe Israel in die woestyn rondgetrek het, op pad na die Beloofde Land! Ons lees in Eksodus 17 hoe die

Amalekiete teen Israel oorlog gemaak het. Dit is in daardie verhaal waar ons lees hoe Moses op die berg met sy hande uitgestrek oor die oorlog gaan sit het. Moses het moeg geraak en elke keer as hy sy hande laat sak, wen die Amalekiete. Elke keer as Moses egter sy hande lig, wen Israel. So het Aäron en Hur toe langs Moses kom staan om sy hande omhoog te hou.

Luister wat sê Moses nadat hulle hierdie oorlog teen die Amalekiete gewen het:

En Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: Die Here is my banier. En hy het gesê: Waarlik, die hand op die troon van die Here! Oorlog het die Here teen Ámalek van geslag tot geslag. (Eks. 17:15,16)

Die Here het oorlog teen die Amalekiete van geslag tot geslag.

Kom ons gaan selfs nog verder terug in die Bybel...hierdie oorlog tussen Haman en Mordegai gaan nog verder terug as Moses en die Amalekiete! Selfs so ver terug as Jakob en Esau! Dit is so insiggewend vir ons teks, as ons kyk na Genesis 36:12:

En Timna was 'n byvrou van Élifas, die seun van Esau; en sy het vir Élifas gebaar Ámalek. Dit is die seuns van Ada, die vrou van Esau

Nog voordat Jakob & Esau gebore was het die Here al vir hulle ma, vir Rebekka gesê:

Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien (Gen. 25:23).

Die geveg tussen Mordegai en Haman is die voortsetting van God se oorlog teen Amalek van ouds! Dit is die voortsetting van die stryd tussen Jakob en Esau – die geveg tussen God se volk en die nageslag van Esau (die Edomiete)!

In Haman sien ons Esau. In Mordegai sien ons Jakob. In Haman sien ons hoe die Satan die Amalekiete nog altyd gebruik om die Here se volk te probeer uitroei. In Mordegai sien ons die Here wat getrou is aan sy verbond en sy verbondsbeloftes – die Here wat sy volk beskerm en veilig hou deur al die jare.

Mordegai is die plaasvervanger van koning Saul. In en deur Mordegai maak die Here reg, wat Saul verkeerd gedoen het. Die Here sit in Ester 3 sy verbond met Israel voort. Hy maak steeds oorlog teen Amalek, soos Hy lank terug in die tyd van Moses gesê het. Die Here sal die kwade en slegte dinge wat gebeur met die Jode, met Ester en met Mordegai verander, sodat dit tot hulle beswil verander. Dis hoe Almagtig die Here is!

Hy bepaal selfs op watter dag en datum die Pur, die lot moet wys. Selfs die werp van die lot is nie buite God se beheer nie. Hy beskik dit so dat Haman in die maand Nisan die lot werp. Die Here het vir Moses destyds met die uittog uit Kanaan gesê, dat hulle *Nisan* as hulle eerste maand

moet instel. Nisan is dus op bevel van die Here, die *eerste maand van die Joodse kalender*.

Hier kan ons alreeds sien, daar is iets besonder belangriks aan hierdie maand waarop Haman die lot laat werp. Ons lees dan in v. 12 hoe Haman die bevelskrif laat uitstuur het op die dertiende dag van die maand Nisan.

Die dertiende Nisan...dit is een dag voor *Pasga*! Die Pasga, waartydens die Jode moes terugdink aan die Here se verlossing uit slawerny in Egipte. Die Pasgafees, waartydens 'n lam sonder enige gebreke, geoffer moes word.

Dit dui op die sondelose Lam wat uiteindelik sou instaan vir die Here se volk en vir die uitverkorenes geoffer sou word. Dit is die Lam van God wat gebore is uit die geslag van Jakob, uit Israel. Hy is die Christus, gebore in Betlehem in die tyd toe koning Herodes regeer het. Toe Herodes hoor van hierdie koning wat gebore is, gee hy bevel dat al die seuntjies van twee jaar en jonger in Betlehem doodgemaak moes word.

Herodes, die teëstander van die koning van die Jode. Kan jy raai uit watter geslag koning Herodes was? Herodes was 'n Edomiet. Hy was uit die geslag van Esau. Die oorlog tussen Jakob en Esau het deur die eeue voortgeduur, ook tussen Moses en die Amalekiete, Saul en Agag, Mordegai en Haman.

Die Satan werk van dag een af so hard om die Here se volk uit te roei.

Tog bewerk die Here altyd verlossing! In die oomblik is dit egter baie moeilik vir die Here se kinders om sin te maak van alles. Ons kan ons net verbeel in watter vrees die Jode in die tyd van Ester 3 geleef het. Watter gesprekke, of watter stiltes het geheers in die Joodse huise, rondom die ongesuurde brode en die lamsvleis wat hulle tydens Pasga geëet het?

Sou hulle mekaar vertroos met die woorde van Moses: “Die Here is my banier!” Ons weet nie wat die Jode daardie tyd in sulke omstandighede vir mekaar gesê het nie, maar ons mag van hierdie dinge lees en die Here dank vir Sy getrouheid aan sy verbond. Ons mag Hom dank vir die verlossing van die Jode in die tyd van Haman, sodat die sondelose Pasgalam, Jesus Christus gebore sou word om ons te verlos.

Hoe Almagtig is die Here, dat Hy selfs bepaal hoe en wanneer ‘n dobbelsteen sal val?!

Is dit toevallig dat Haman die uitwissing van die Jode aankondig op dieselfde dag wat Jesus jare later die Nagmaal instel voor sy kruisiging? Nee, die Here is besig om in Ester 3 alreeds vir ons te wys, dat daar Een is wat sou doodgaan, om God se hele volk te red. Daar is Een wat baie uit die hand van Satan sal verlos! Jy moet geen twyfel hê in die Here se vermoë, om die beproewing in jou lewe te gebruik tot jou beswil nie. Al lyk dinge baie onsamehangend en deurmekaar – moet nie vir een oomblik twyfel dat die Here daarin en daardeur die goeie vir jou sal beskik nie.

Die Here voer oorlog teen die bose van geslag tot geslag. En Hy hou ook Sy verbond in stand, van geslag tot geslag.

4. Ester neem haar kruis op

Wie weet, miskien is jy die een vir wie God nou wil gebruik?

Ester 4

Daar is beslissende oomblikke in ons lewe, waar ons baie duidelik kan sien hoe die Here ons in sy diens gebruik. Daar is oomblikke in ons lewe, waar die Here deur ons optrede, 'n onmisbare seën vir ander mense wil bewerk. Soms gebeur daar baie dinge in ons lewe, jare lank en dit vloei saam tot 'n enkele hoogtepunt. Op daardie oomblik besef ek: die Here het elke dingetjie wat met my gebeur het, inmekaar laat pas en laat gebeur, sodat hierdie paar minute of ure moontlik kan wees!

Jy is dalk, soos Ester, 'n weeskind. Of jy is, soos Mordegai, ewe skielik 'n ouer van 'n weeskind. Ons weet dit nou reeds: al word die naam van God nêrens in hierdie boek genoem nie, is Hy tog die een wat die lewensverhaal van Ester en Mordegai skryf. Hy laat alles saamwerk en laat Sy plan ontvou. Groot dinge het dalk in jou lewe gebeur. Hartseer dinge... soos Ester wat haar ouers verloor. Daar het ook baie mooi en uiters onverwagse dinge in jou lewe gebeur. Dink maar weer aan Ester, die weeskind, wat op 'n dag gekroon is as koningin van Persië!

Wat is die groot dinge in jou lewe, waar die Here jou op 'n bepaalde pad geplaas het? Watter hartseer dinge en watter blye herinneringe het jy,

wat jou vandag as mens definieer? Is dit nie die Here, wat jou so gestuur het en gebring het by hierdie oomblik nie? Dat jy vandag, op hierdie oomblik, in hierdie boek lees? Dat jy vandag Ester 4 lees?

As kinders van die Here gaan daar in ons lewe beslissende oomblikke wees, waar God spesifiek vir my op daardie oomblik wil gebruik. Dalk is jy vandag by so 'n oomblik? Dalk bevind jy jouself môre in so 'n oomblik...ek weet nie. Vir Ester het daardie beslissende oomblik in hoofstuk 4 aangebreek.

Mordegai doen 'n beroep op Ester, om 'n voorspraak te wees

Die beslissende oomblik breek vir Ester aan toe Mordegai 'n beroep op haar doen, om 'n voorspraak te wees vir haar volk.

Haman, die bose Agagiet, het in sy wraaksug en geldgierigheid 'n plan bedink om al die Jode in Persië uit te roei. Dit, nadat Mordegai, die Jood, geweier het om voor Haman neer te val in Eerbetoon Mordegai en al die Jode is in sak en as. Mordegai skeur sy klere, gooi as op sy kop en loop treurende, skreeuend deur die strate. Hy loop rond in 'n ongemaklike, growwe roukleed, gemaak van bok- of kameelhare.

Mordegai loop net tot by die poorte van die paleis – verder mag hy nie ingaan nie. Niemand mag die koning se rus en geluk versteur nie. Veral nie mense wat treur met rouklere aan nie. Die paleis is nie 'n plek vir mense wat treur nie. Veral nie treurende Jode nie! As jy voor die koning verskyn moet jy vrolik wees, altans lyk asof jy vrolik is, al is jy nie regtig nie.

Ester, daar in die vrouehuis van die koning, hoor van Mordegai se verdriet en hoe hy treur. “Wat kan dit wees,” wonder sy? “Waarom is Mordegai so verskriklik bedroef?!” Sy wil hom in die paleis laat inbring, om uit te vind wat aangaan. Sy stuur vir hom gewone klere, sodat hy sy roukleed kan uittrek en in die paleis kan inkom. Mordegai weier. Ester besef, dat hier groot fout is – sy stuur Hatag, die hofdienaar. Hy kom terug met die boodskap.

Ester, die Jodin, kan haar oë nie glo nie. Hier sien sy dit, swart op wit – die afskrif van die bevelskrif wat Mordegai vir haar deur Hatag gebring het. Haman wil al die Jode uitroei. Mordegai wil hê Ester moet by die koning gaan pleit om genade. Sy moet gaan praat met haar man, ter wille van die Jode! Sy is hulle enigste hulp en sy is immers ook ‘n Jodin! “Wees ‘n voorspraak vir jou mense, Ester!”, so pleit Mordegai.

‘n Voorspraak is iemand wat t.w.v. iemand anders optree. ‘n Voorspraak pleit by ‘n hoër mag om genade ter wille van daardie ander persoon.

Voorspraak-wees kom teen ‘n duur prys!

Ester sal waarskynlik haar lewe verloor, as sy as voorspraak vir haar volk intree. Dit lyk asof die koning se belangstelling in Ester ietwat afgeneem het, ‘n paar jaar nadat hulle getroud is. Hy het haar vir die afgelope maand nog nie weer geroep om na hom te kom nie. Ester kan nie dink dat sy die koning binnekort gaan sien nie. Sy kan ook nie net by sy deur instap nie – dis verbode. Die Persiese konings het ‘n wet gehad, dat ‘n mens nie persoonlik voor die koning mag verskyn nie. Jy werk

altyd deur sy hofdienaars.

Dit is om die koning te beveilig, dat iemand hom nie miskien in sy eie paleis doodmaak nie. Dit is egter ook 'n maatreël wat die koning se status verhef. Hy is nie toeganklik nie. Hy is soos 'n god. Hy is verrehewe bo die gewone mens. Jy mag nie in sy teenwoordigheid wees nie. Dis 'n baie ydel wet, hierdie wet wat verbied dat selfs die koning se eie vrou hom nie mag spreek, sonder dat hy haar laat haal nie.

As sy wel ongenooïd voor die koning verskyn, sal hy 'n spesiale vergunning moet maak. Hy sal 'n uitsondering op sy wet moet maak. As hy besluit om so uitsondering te maak, sal hy sy septer na Ester toe uitsteek – 'n teken dat sy maar nader mag kom en haar versoek aan hom mag rig. Dit is 'n uiters gewaagde ding wat Mordegai van Ester vra. Dit is lewensgevaarlik. Ester is baie bang. Sy kan nie dit doen nie!

Hierop antwoord Mordegai vir Ester:

Verbeel jou nie dat jy alleen uit al die Jode in die huis van die koning sal vrykom nie. Want as jy nou werklik swyg, sal daar van 'n ander kant af verligting en redding vir die Jode tot stand kom, maar jy en jou familie sal omkom, (v. 13,14)

Ester moet nie dink, dat sy gespaar sal bly, net omdat sy koningin is nie. Mordegai se vaste geloof in die Here kom so duidelik hier na vore. Selfs al sou Ester nie opstaan en doen wat sy nou moet doen nie, sal die Here steeds sy volk red. Hiervan is Mordegai onbeweeglik seker. Die Here sal red en hy wil vir Ester gebruik – sy moet nou opstaan tot die stryd.

Mordegai druk dit op Ester se hart, dat sy haar kruis moet opneem! Alles wat met Ester gebeur het, het gelei tot hierdie oomblik, waar sy deur haar aanneempa opgeroep word om in te staan vir God se volk. “Wie weet”, sê pa Mordegai:

...miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het! (v. 14)

As Mordegai sê “wie weet”, dan beteken dit nie dat hy nie weet nie! Hy sê eintlik – “ek wéét! Dit is hoekom jy koningin geword het! Dit is nou duidelik, Ester! Hier is die oomblik, hier is die kruispad waar jy nou teen al jou vrese in, moet kies vir die rigting wat God wil hê jy moet inslaan!”

Daar is eintlik ook ‘n waarskuwing in Mordegai se woorde. As Ester swyg, sê hy, sal die Here iemand anders gebruik om die verlossing te bewerk, maar, sê hy,

...jy en jou familie sal omkom (v. 14)

Mordegai sluit dus homself hierby in – hy is mos Ester se familie. Daar is ernstige gevolge vir Ester as sy nie nou haar kruis opneem nie. Dis nie asof die Here afhanklik is van Ester nie. Hy kan iemand anders gebruik om Sy volk te verlos. Maar Hy het dit goedgevind om haar nou in hierdie tyd te gebruik. Sy moet nou ook raaksien dat God haar tot hier gebring het en ook verder met haar sal wees!

Nou is die tyd om in geloofsvertroue op te tree. Sy is nou die een...die éinigste een wat die probleem kan oplos. Deur Ester wil die Here nou verlossing bewerk. Sy moet vir Hom dien as 'n seën vir Sy volk!

...Sy het dus een van twee keuses: sy kan haar volk en die roeping wat God vir haar opgelê het, versmaak. Of, sy kan haar kruis opneem, die Koninkryk van God hoër ag as haarself, en instaan vir God se volk.

Jesus leer ons hierdie beginsel, wanneer Hy sê:

Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg. 35 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red (Mark. 8:34,35).

Al speel hierdie gebeure rondom Ester jare voor die geboorte van Jesus af, dring die Here haar om haar kruis op te neem ter wille van Christus wat uit die Jode gebore sou word. As Ester hier as voorspraak vir die Jode intree, dan lê sy as't ware haar lewe neer vir Christus! Ester besluit dan ook om in hierdie beslissende oomblik die roeping van God hoër te ag as haar eie lewe.

Ester neem haar kruis op

Sy neem haar voor om as voorspraak vir haar volk in te tree, al sou dit dan ook haar lewe kos. Sy vra dat die ander Jode en Mordegai ook ter wille van haar by God intree deur vas en gebed. Drie dae lank.

Onthou jy in hoofstuk 3, op watter dag het Haman die bevelskrif uitgestuur? Een dag voor die Pasgafees. Daardie fees wat Israel gevier het om terug te dink aan hulle verlossing uit Egipte. Daardie fees waar die volk die bloed van 'n lam teen hulle deurkosyn moes smeer. Dan sou die doodsengel die huis met die bloed op die kosyne oorslaan en nie die lewe van die eersgeborene neem nie.

Ons kan nie met sekerheid uit die teks aflei nie, maar dit is baie moontlik dat Ester vir die Jode vra om nou in hierdie Pasga-tyd te vas. Dus, om nie die ongesuurde brode en bitter kruie te eet nie. Hulle is nou in dieselfde bittere omstandighede as hulle voorvaders by die uittog. Hulle hoef nie terug te dink nie, want hulle beleef dit nou weer.

Hulle moet bid en vas, dat die Here hulle weer sal oorslaan. Hy moet die kwaad van Haman op sy eie hoof laat neerkom. Soos die bose Farao van Egipte, moet die Here ook nou die volk red uit hand van die wrede Agagiet – Haman. Haman is soos 'n Farao! Ester gaan by die koning intree vir die volk, net soos Moses vir die volk by Farao ingestaan het. Soos Moses, is Ester nou vir die volk 'n Middelaar!

Dit is 'n swaar kruis wat Ester moet opneem. Dit kan haar lewe kos. Tog het die woorde van Mordegai haar nou nuwe geloofsperspektief gegee. Skielik val die legkaartstukkies vir haar in plek. Dít is wat sy moet doen! “Mordegai is reg! Dit is hoekom ek koningin geword het – vir 'n tyd soos hierdie!” Daarom sê sy toe:

...as ek omkom, dan kom ek om (v. 16)

Dit is nie woorde van moedeloosheid nie. Dit is woorde van geloofsvertroue. Sy besef hierdie saak is in die Here se hande. Hoe dit verder vorentoe sal verloop weet sy nie, maar sy gaan nie haar eie lewe spaar ten koste van die res van God se volk nie.

Daar is oomblikke waar die Here ons tot groot seën vir ander gebruik, maar daardie oomblikke vereis dat ons Sy Koninkryk hoër moet ag as onself – selfs hoër ag as ons eie lewe. Dit kom teen 'n prys. Dalk kom jy op 'n dag in 'n posisie waar jy, soos Ester moet instaan vir iemand anders. Dalk lyk die oomblik, of oomblikke, wat die Here vir jou bestem het anders. Daar sál vir jou, as kind van die Here, sulke oomblikke in jou lewe wees.

Die Here is nie afhanklik van ons nie. Hy kan iemand anders gebruik, maar hy gebruik jou. Jy met jou omstandighede en jou lewenspad wat jy gestap het... Jou ervaring... Jou persoonlikheid... Die middele tot jou beskikking... Noem maar op – die Here gebruik jou net soos jy is, om in Sy koninkryk diensbaar te wees!

Sal jy jou kruis opneem? Ons sien nie altyd hierdie oomblikke raak nie, of ons kies om dit nie te sien nie, want ons is bang. Ons kies eerder om weg te kyk, as om ons kruis op te neem. Dan kom daar 'n Mordegai oor jou pad, wat jou weer laat besef: “Wie weet, dalk het alles met jou gebeur, juis vir 'n tyd soos hierdie!”

Moenie hierdie oomblikke in jou lewe te gering ag nie. Moet nie dat dit te vinnig by jou verbygaan nie. Dit is daardie kruispaaie waar ons te staan

kom – waar ek kan kies om my kop in die sand te druk, of my kruis op te neem en die Here se roeping hoër te ag as myself. Jy het 'n rol om te vervul.

Dalk is daar juis nou so 'n oomblik by jou werk. Dalk is jy juis nou op so 'n punt in jou verhouding met iemand anders. Dalk is daar nou so 'n oomblik in die gemeente, waar die Here jou wil gebruik om sy kerk op te bou, Sy liggaam te dien. Nou is die tyd, om jou kruis op te neem!

Ons kan soos Ester met geloofsvertroue hierdie oomblikke tegemoetgaan, want ons het self 'n Voorspraak by die Vader. Hy het werklik Sy kruis opgeneem, tot op Gólgota. Sy woorde was baie soos die van Ester:

My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil (Matt. 26:39).

Met ander woorde: *Vader, as ek moet omkom, dan kom ek om!* Hy is ons Voorspraak by die Vader. Hy pleit by die Hoër Mag om genade om ons ontwil.

...as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes (1 Joh. 2:1,2).

Besef jy, sy paleis is 'n paleis waar ons mag inkom selfs al treur ons. Selfs al is ons soos Mordegai baie, baie hartseer! Die Here hou nie die poorte van sy paleis gesluit vir die gebrokenes nie. Inteendeel, sy poorte staan wawyd oop vir sulkes.

Ons Vader is toeganklik. Ons hoef nie te wag dat Hy sy septer uitsteek voordat ons tot Hom nader nie. Die wet wat ons verhinder het om tot Hom te nader is in Christus volbring. Ons het 'n Voorspraak by die Vader! Die voorhangsel is geskeur. Die prys is betaal. Die septer word altyd na ons toe uitgesteek! Ons kan met vrymoedigheid ons versoeke aan Hom rig – met groot vrymoedigheid na die troon gaan:

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word (Heb. 4:16).

Die Here wil ons help. Omdat ons alles voor sy voete kan neerlê, kan ons ook doen wat ons in daardie moeilike oomblikke moet doen. Ag jy die Here se koninkryk en sy evangelie hoër as jou eie lewe?

Gaan nou, Ester. Gaan Mordegai, neem jou kruis op. Die Here wil jou in sy diens gebruik, tot Sy eer!

5. Wys of trots?

*Vra vir die weldade van Christus in Ester en sien jou eie trotsheid in
Haman*

Ester 5

Die skrywer herinner ons vinnig aan daardie lewensbedreigende krisis waarvoor Ester te staan gekom het. Sy moet haar kruis opneem en doen wat die Here haar geroep het om te doen. Sy moet instaan vir die Here se volk. Dit mag dalk haar lewe kos, want sy sal dit moet waag om ongenooid voor die koning te verskyn.

Wat sal die koning se reaksie wees? Gaan hy haar laat doodmaak? Of sal Ester met hom kan praat? Indien sy met hom praat, wat is haar plan?

Nadat sy drie dae biddend gevas het, gaan sy nou dapper die eerste skuif maak. Sy gaan staan reg voor die koning. Die oomblik het aangebreek. Ester (en ons!) sug van verligting, want die koning het vir Ester gesien en sy,

...het genade in sy oë gevind (v. 2)

Ons sien dan in ons teks v, twee karakters wat teenoormekaar gestel word. Twee karaktersketse: Ester teenoor Haman (en eintlik ook, op 'n

dieper vlak, Ester teenoor Haman se vrou, Seres).

Ons moet kyk na Ester en sien hoe sy as persoon in hierdie bitter moeilike omstandighede optree. So moet ons ook die karakter van Haman onder die vergrootglas sit en sien wie hy is en hoe hy hier optree. Uiteindelik, moet ons in Ester die wysheid sien, wat ons ook van die Here moet afbid. In Haman, sien ons daardie trotsheid in elkeen van ons, wat ons moet doodmaak, deur die werk van die Heilige Gees.

Ons moet nie wees soos Haman of Ester nie, maar soos Christus

Ons net eers seker maak dat ons iets nie misverstaan nie. Ons kan nie en mag nooit na die karakters in 'n Bybelverhaal kyk en sê; "O, ek moet sóós Ester wees!" nie. Dit is baie gevaarlik! Dit gee die eer van God aan mense, so asof die Bybel 'n string stories is oor oulike karakters wat ons bloot moet navolg.

Die Bybel wys vir ons elke keer hoe dit nie die mense is wat suksesvol en sterk is nie, maar juis die teenoorgestelde. Ten spyte van die mense se swakheid en gebrokenheid werk die sterke en goeie Vader in hulle om dinge tot Sy eer en vir Sy Koninkryk te doen iets wat hulle nooit andersins sou kon doen nie!.

Ester, is nie so wonderlik nie. Ons onthou uit een van die vorige hoofstukke hoe ons ook die mislukkings en swakhede van Ester gesien het. Nee, ons moet nie soos Ester wees nie. Natuurlik ook nie soos Haman nie. Hoe moet ons dan na hierdie twee karakters kyk? Wel ons moet na Ester kyk en, in die taal van ons belydenis, sien watter *weldade*

van Christus die Here deur Sy Heilige Gees in haar ingestort het! Jy moet sien hoe die Here op sekere maniere en op sekere tye vir sy kinders bekwaam maak om hulle roeping uit te voer.

Ons moet raaksien watter goeie dinge die Here in Ester se persoonlikheid en karakter bewerk het en bid dat die Here dit ook vir ons sal gee. Kyk watter sondes daar in Haman teenwoordig is en sien raak dat dit ook in jou hart rondkruip. Stry daarteen en maak dit dood!

Ester: Afhanklik en wys

Met dit in gedagte, kan ons in v. 1-8 kyk na die weldade van Christus in Ester. Toe die koning sy septer na Ester uitsteek, moes sy vir 'n oomblik baie verlig gewees het! Sy kan nader kom! So sy kon toe direk haar plan in werking stel.

Sy het alreeds beplan en opgetree, asof die koning haar lewe sou spaar, want ons lei af, dat sy alreeds 'n maaltyd voorberei het. Sy nooi die koning en Haman vir daardie eerste maaltyd en hulle kan dadelik gaan aansit. Ester volg waarskynlik hier bloot Persiese etiket. As iemand sake en versoeke van groot belang voor die koning moes bring, gaan dit gepaard met 'n maaltyd. Die beste kosse en wyne word voorgesit en daarna is daar geleentheid om jou saak te stel.

Tog het Ester haar plan baie mooi bedink. Dit is baie duidelik, dat sy nie sommer met die deur in die huis geval het nie! Ester het 'n strategie. Ons Skrifgedeelte herinner ons daaraan dat sy eers drie dae voor die tyd gevas en gebid het. Dit wat sy aanpak en doen lê alreeds geanker in

haar gebede. Dit lê gewortel in haar afhanklikheid van die Here. Sy probeer nie om die koning om die bos te lei en met een of ander slim truuk te vang nie.

In haar wêreld, in haar omstandighede, voer sy gelowig haar plan uit met die wete dat die Here die uitkoms bestuur. Sy is geroep vir 'n tyd soos hierdie. Die Here is in beheer en al weet sy dit, gaan sy ook nie onverantwoordelik terugsit en niks doen nie. Sy het gebid. Sy het toe ook daarna 'n plan beraam en is besig om dit uit te voer.

Nadat hulle die kos geëet en die wyn gedrink het, breek die groot oomblik aan. Ester kan nou haar versoek rig. Die koning wag nuuskierig om te hoor wat so dringend en so belangrik is, dat sy koningin haar lewe sal waag om dit te vra. Dan begin Ester en sê:

Ester het geantwoord: "My wens en my versoek is soos volg:

...as die koning my goedgesind is, en as die koning dit goedvind om aan my wens te voldoen en my versoek toe te staan, kom dan môre saam met Haman na die maaltyd toe wat ek vir u sal berei. Dán sal ek my wens aan die koning bekend maak. (v. 7)

Dis asof sy op die punt is om te vra wat sy wil vra, maar dan onderbreek sy haarself en nooi hulle weer uit na 'n tweede maaltyd! Hoekom stel sy uit? Het sy dalk bang geraak en kon nie die vraag oor haar lippe kry nie? Dit is moontlik. Tog is dit meer waarskynlik dat dit nie vrees is wat hier die oorhand oor Ester kry nie. Haar uitstellersy is deel van haar wyse

strategie, sodat sy die verloop van die gebeure kan stuur.

Sy laat dit nou klink asof 'n tweede maaltyd ook deel is van haar versoek. Die koning het belowe dat hy vir haar alles sal gee waarvoor sy vra. So hy stem dus in vir 'n tweede maaltyd saam met Haman en Ester. Dan, sê Ester, sal sy uiteindelik ook haar finale versoek bekendmaak. Die tweede maaltyd is nou nie meer net etiket en Persiese staatsprotokol nie. Nee, hierdie tweede maaltyd is iets anders, iets meer. Ester weet dat koning Ahasvéros 'n reputasie het, om impulsiewe en dikwels dwase besluite te maak wanneer hy so feesvier op allerhande uitspattige partytjies. Dit is haar taktiek. Sy span alles in wat sy van hom weet, tot voordeel van haar saak. Haar saak gaan immers oor die verlossing van die hele Joodse volk!

Ahasvéros stem ook in vir 'n tweede maaltyd Ester se dade spreek van wyse inisiatief, na 'n tydperk van vas en gebed. Die skrywer onderbreek hier die spannende verloop van omstandighede. Meesterlik hou hy ons aandag, hou hy ons in afwagting! Die skrywer onderbreek die vertelling en spring oor na die ander karakter in hierdie hele verhaal: Haman.

Haman: Selfbehep en trots

Haman is in sy noppies!

Haman het dié dag bly en opgeruimd weggegaan (v. 9)

Hoe dan anders! Sy dag kan nie beter verloop nie. Hy is onlangs bevorder en beklee nou een van die beste posisies in die koninkryk. Hy

is feitlik vriende met die koning. Vandag lyk dit vir hom, of hy ook nog die guns van koningin Ester gewen het! Hy en net hy is genooi om saam met die koning en die koningin te eet. Nie een keer nie, maar selfs môre weer!

Soos wat hy stap buig die mense voor hom en hulle hele houding spreek van ontsag en vrees vir Haman. Totdat Haman verby Mordegai stap. Daar staan Mordegai. Mordegai beweeg nie. Hy vrees nie vir Haman nie en hy betoon aan hom geen eerbied nie. Dit krenk sy ego verskriklik. Hy kan dit nie verdra nie.

Sien, Haman het 'n monsteragtige obsessie met sy eie posisie, mag en voorregte. Sy reaksie teenoor Mordegai spreek van oordrewe trots en ydelheid. Kyk hoe maak 'n trotse persoon. Mordegai veroorsaak, dat Haman nie die kalklig ten volle geniet nie.

Haman se vrou, Seres, weet presies wat die oplossing is. Mordegai, dink sy, moet nie net vermoor word nie. Nee, hy moet verneder word. So kom sy toe met die raad, dat Mordegai opgehang moet word aan 'n vier en twintig meter hoë *galg*.

Die woord wat hier vertaal word met "galg" verwys waarskynlik eerder na 'n lang paal of selfs 'n kruis. In daardie tyd het die Perse mense se lyke deurboor met 'n paal en dan daar laat staan vir almal om te sien. Hulle het dit gedoen as 'n afskrikmiddel - dat niemand anders dit sou durf waag om te doen wat daardie een gedoen het nie!

Hierdie paal waaraan Mordegai moes hang, moes so hoog wees dat die hele stad Mordegai se lyk kon sien! Dit is nou presies die oplossing waarna Haman gesoek het! Nie net om Mordegai uit die weg te ruim nie, maar hom ook te verneder...verskriklik wreed te verneder.

Haman het dit 'n goeie voorstel gevind en hy het die galg laat bou (v. 14).

Ek: Wys of trots?

Salomo waarsku ons in Spreuke verskeie kere teen trotsheid. Hy stel vir ons trotsheid teenoor wysheid.

Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val (Spr. 16:18). Op selfverheffing volg ineenstorting, op nederigheid eer. (Spr. 18:12 '83 NAV). Die trotsheid van 'n mens verneder hom, maar die nederige van gees sal eer verkry. (Spr. 29:23)

Hierdie Goddelike wyskede van Spreuke, speel in Ester, voor ons oë af. Hierdie wysheid en trots speel teenoor mekaar af in die karakters van Ester en Haman. Baie van ons, seker die meeste van ons, wil onself identifiseer met Ester. Niemand van ons wil onself sien as Haman nie.

Die probleem is, dat ons baie meer soos Haman is, as wat ons dink. Ons kan heeldag lank praat oor Ester en Haman, maar uiteindelik moet ons na onself gaan kyk. Watter streke van Haman is daar binne-in my, wat ek in die kiem moet smoor? Ons moet daardie monster van trotsheid nie net in Haman raaksien nie, maar ook in onself.

Trotsheid is 'n veelkoppige monster. Net as jy dink jy het hom verslaan, dan kom jy agter die dier is nog nie dood nie! So tong in die kies, weet ons mos hoe ons is: die dag as jy dink jy het trotsheid oorwin, dan raak jy trots op die feit dat jy so nederig geword het!

Kom ons kyk na 'n paar kenmerke van trotsheid, soos ons dit hier in ons teks vind. Hoekom? Sodat ons dit in onself kan raaksien en aktief daarteen stry. Kom ons begin eers deur mooi raak te sien:

Trotsheid (hoogmoed) is sonde

Nou praat ons van daardie tipe trotsheid wat ons in Haman sien. Miskien moet ons dit ook hoogmoed noem. Of selfbeheptheid. Trotsheid, of dan *hoogmoed* is sonde.

Die Here maak dit duidelik in Sy Woord, dat Hy 'n aktiewe teenstander van die trotse mens is. Ons het vandag gelees van trotse Haman en as Spreuke en die res van die Skrif reg is, dan kan ons ook verwag, dat Haman binnekort tot 'n val gaan kom, want trotsheid kom voor 'n val. Hoogmoed kom voor vernedering. Die Here verneder die hoogmoedige.

As jy 'n kind van die Here is, dan is die stryd teen hoogmoed en jou eie trotsheid nie opsioneel nie. Dit is sonde en ons moet ons daarvan bekeer.

Trotsheid soek 'n gehoor

Trotse Haman wil graag 'n gehoor om hom versamel. Mense wat hy

weet sy ego sal streel. Trotse mense soek 'n gehoor. Trotse mense wil hoor hoe wonderlik hulle is.

Ons het dieselfde probleem! Hoe maklik kan 'n mens nie byvoorbeeld sosiale media gebruik om vir jou 'n gehoor te versamel nie? "Kyk hoe baie mense hou van my plasing!" Vra jouself af: is ek alewig daarop uit om die kalklig op my te laat val? As iemand in die pad staan van my sogenaamde "sukkses", hoe gaan ek die situasie benader?

Die moderne sielkunde het allerhande name hiervoor, soos *narsisme en eersug*. Dit is maar net ander woorde vir trotsheid. Die Hamansonde: ek omring my met mense wat doen en sê wat ek wil hê. Alles gaan oor my en ek sal vernietig en verneder sover ek gaan, solank ek bo uitkom!

Trotsheid wil gevoer word

Trotsheid is 'n monster wat nooit versadig word nie. Is dit nie baie duidelik in die lewe van Haman nie? Hy gaan tot walglike uiterstes! Hy sal volke uitmoor om sy trotsheid te voer.

Onthou Haman het hier reeds 'n bevelskrif uitgevaardig om die Jode uit te wis. Die plan is al in werking, maar luister wat sê hy, nadat hy gespog het met al sy rykdom en aansien:

En tog bevredig dit alles my nie so lank ek die Jood Mordegai in die poort van die paleis sien sit nie (v.13).

As ons nie trotsheid binne ons doodmaak nie, sal ons geliefdes en ons

verhoudings daaronder ly. Trotse mense se verhoudings hou nie baie lank nie. Ons moet ophou om die monster te voer.

Die Here gee die alternatief: selfopofferende liefde teenoor my naaste. Diensbaarheid in die gemeente. Ek moet nie altyd my eie eer soek nie, maar die eer van ander.

Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete (Matt. 7:12).

Trotsheid staan in die pad van gebed

Gebed is om jouself voor die Here te verneder. Jy kom om jou afhanklikheid van die Here te verklaar. Jy sê: “Here, hierdie besluit, probleem, dag is te veel vir my. Ek kan dit nie doen nie. Ek weet nie watter kant toe nie. Maar U sal my help. U kan my help. Ek is in alles van U afhanklik.”

As ons ons nie bekeer van ons hoogmoed nie, sal dit ons gebedslewe benadeel. Ons trotsheid sal verhinder dat ons onself voor die Here verneder. Laat ons weer die Here bid vir wysheid. Wysheid en waagmoed, wat ons nodig het om ons roeping uit te voer in afhanklikheid van Hom. Dit is die weldade van Christus wat ons in Ester raaksien. Bid in afhanklikheid daarvoor. Vra daarvoor, sodat ons in ons daaglikse bekering van trotsheid, ook al hoe meer gelykvormig mag word aan die Beeld van Jesus Christus.

6. Toevallig?

Die Here is in beheer, selfs oor die 'klein dingetjies'

Ester 6

Hoe ver strek jou vertrouwe in God se almag? Hoe seker is jy van die feit dat God in beheer is van alles? Is Hy soewerein, almagtig en in beheer of is daar sekere areas waar dinge toevallig gebeur?

Die kans is goed dat ons almal sou sê: “Natuurlik is God in beheer van alles!” Tog praat ons so gereeld van *toeval* en *noodlot*. “Dit is groot geluk, dat die kar my nie getref het nie.” “Dit is nou heel toevallig dat ek jou raakloop”.

In die groot dinge sien ons God se almagtige hand raak, maar wat van die klein alledaagse dingetjies? Is God ook in beheer daarvan? Is dit wat met Mordegai en Haman in hierdie hoofstuk gebeur, toevallig? Dit is die groot tema van hierdie hoofstuk. Die skrywer gaan op 'n baie subtiele manier vir ons wys, dat selfs die klein dingetjies nie toevallig is nie.

“Toevallig” kon die koning nie slaap nie

Ons onthou dat Ester 'n eerste maaltyd saam met die koning en Haman gehad het. Sy het in wysheid opgetree. Sy het gelowig beplan. Deel van haar strategie was om die koning “aan 'n lyntjie” te hou. Sy het hom

verseker, dat sy haar versoek aan hom bekend sal maak, as hy en Haman vir 'n tweede maaltyd saam met haar aansit. Na die eerste maaltyd gaan almal huis toe en ons het in hoofstuk 5 gelees, hoe trots Haman daar weggestap het.

Tog, toe hy verby Mordegai stap, vlam sy woede weer in hom op, want Mordegai betoon geen eerbied of respek aan Haman nie. Haman besluit toe, op advies van sy vrou Seres en sy vriende, om vir Mordegai aan 'n paal op te hang. Daar het hoofstuk 5 opgehou.

Daardie selfde nag nog, lê die koning "toevallig" wawyd wakker in sy bed. Om hom rustig te maak, laat haal hy die geskiedenisboeke van sy koninkryk... die kronieke.

Min van die destydse konings kon lees en skryf. Slegs sommige van die koning se geleerde adviseurs kon lees en skryf. Daarom laat Ahasvéros toe die kronieke vir hom voorlees. Dalk sou die voorlesing hom rustiger maak, sodat hy kan slaap!

As ons die res van die Ou Testament in gedagte hou moet ons alreeds hier besef, dat God op 'n wonderlike manier gaan ingryp. Dink 'n bietjie terug, aan al die kere in die Ou Testament waar 'n Farao of 'n koning slapelose nagte gehad het. Was dit toevallig?

In Genesis 41 lees ons van Farao wat allerlei drome gehad het, wat sy gees onrustig gemaak het. Josef lê die drome uit - daar sal sewe jare van voorspoed wees en sewe jare van hongersnood.

In Daniël 2:1 hoor ons van koning Nebukadnesar wat 'n droom gehad het, wat ook sy gees onrustig maak en hy kon nie slaap nie. Daniël lê die droom van die groot beeld met verskillende metale uit - dit dui op verskeie koninkryke.

Daniël 6:19 vertel van Koning Darius van Persië wat nie kan slaap nie, want hy is bekommerd oor Daniël in die leeuken. Ons lees hoe die Here toe ook die leeu se bekke “gesluit” het en Dawid geensins seergemaak het nie.

Dit wil voorkom, uit die res van die Ou Testament, asof die slapelose nagte van (goddelose) regeerders die begin is van 'n radikale ingryping van God self om sy volk te red! Die slapelose koning dui die oomblik aan waar God die verloop van gebeure radikaal gaan verander.

So, die skrywer wil in Ester 6 as't ware vir ons sê: ons kan maar enige oomblik 'n wonderwerk van God verwag! Die slapelose nag van koning Ahasvéros is geen toeval nie! Die Here maak die goddelose rusteloos! Die Here het eens deur die drome van die goddelose Faraó gewerk, tot voordeel van Josef en die Israeliete. Die Here het eens deur die drome van die goddelose koning Nebukadnesar gewerk, tot voordeel van Daniël en die wat in ballingskap was.

Die skrywer van die boek Ester skep hier die verwagting dat iets soortgelyks gaan gebeur. Dit is beslis so! Die Koning lê rusteloos wakker en skielik lees sy adviseurs “toevallig” in die kronieke van Mordegai, wat

op 'n keer die koning se lewe gespaar het.

Daarvan het ons gelees in hoofstuk 2: Bigtana en Teres wou die koning vermoor, maar Mordegai het dit uitgevind en bekendgemaak. Bigtana en Teres is toe aan pale opgehang, ook as 'n waarskuwing vir enigiemand anders, om nie dieselfde te probeer doen nie.

Soos met Farao en Nebukadnesar se drome, gaan die Here hierdie keer ook deur die boeke van die goddelose Ahasvéros werk, tot voordeel van Mordegai en die Joodse volk! Die koning vind uit, dat Mordegai geen bedanking of verering vir hierdie heldedaad ontvang het nie. Niemand het iets vir Mordegai gedoen, gesê of gegee nie!

Dit is moontlik dat Mordegai sleg gevoel het omdat hy nooit erkenning vir sy heldedaad ontvang het nie. Is dit maar net Mordegai se slegte geluk - sy "bad luck"? Is dit dalk God wat die klein dingetjies bepaal en stuur? Om dit anders te stel, dit was God se wil, dat die mense van Mordegai moet vergeet!

Is dit nou maar net jou slegte geluk, dat mense jou by die werk oorsien? Dink jy die Here laat dinge sommer met ons gebeur, of is Hy werklik in beheer? Dit is hoekom ek aan die begin gevra het: hoe ver gaan jou vertrouwe in God se almag en Sy soewereiniteit regtig? Glo jy dat die Here aan die werk is in die klein dingetjies?

Koning Ahasvéros lê nie toevallig wakker nie. Die Here hou hom wakker! Die Here maak hom bewus van die feit, dat Mordegai vereer moet word!

“Toevallig” is Haman in die voorhof

Op daardie oomblik, stap Haman “toevallig” die voorhof binne...nou besef ons eers hoe lank die koning wakker gelê het. Ons besef ook hoe gretig Haman is, om Mordegai dood te maak. Die koning lê tot vroeg in die oggend wakker. Haman is toe reeds op sy voorstoep om vir die koning te sê, dat Mordegai opgehang moet word.

Die koning vra vir Haman: “Wat moet met die man gedoen word aan wie die koning eer wil bewys?” Selfvoldane en trotse Haman neem onmiddelik aan die koning verwys na hom. Natuurlik, hoe dan anders? Hy is Haman! “Die koning se kleed oor my skouers sal goed lyk”, dink Haman. “En ek moet eg koninklik behandel word en selfs op die koning se perd ry”, dink hy verder. “Almal moet weet wie ek is en wat die koning van my dink, so...laat iemand voor die perd uitloop en uitroep: ‘So word gedoen aan die man aan wie die koning eer wil bewys!’ ”

Wat Haman natuurlik nie weet nie, is dat die Here nou ‘n einde sal maak aan hierdie hoogmoed van hom! Ons kan ons net voorstel hoe hy gevoel het, toe hy ontdek dat die koning nie vir hom wil vereer nie, maar vir Mordegai! Haman beleef die grootste vernedering van sy lewe! Op die ou einde stap hy self toe voor die perd uit en Mordegai sit met die koninklike kleed om sy skouers!

Nie net maak die Here die goddelose rusteloos nie, maar hy verneder ook die hoogmoedige. Die skrywer brei verder nie vreeslik uit nie - hy sê maar net:

...daarna het Mordegai teruggegaan na die poort van die koning (v. 12).

Mordegai maak niks meer van hierdie situasie nie. Hy keer terug na sy dagtaak, maar wat 'n belewenis moes dit nie wees nie! Mordegai weet nie, dat hierdie einste Haman wat voor hom uitgeloop het, alreeds die aand vantevore 'n paal geplant het, om hom aan op te hang nie. Hoe wonderlik werk die Here nie agter die skerms nie? Ten goede van sy kinders! In 1 Samuel 2 staan:

Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy.

Hier sien ons dit nou in aksie! In Matteus 23 sê Jesus self:

Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.

Dit is wat die Here hier met Haman en Mordegai onderskeidelik doen. Daarom ontvang ons hierdie opdrag ook in Jakobus 4:

Vneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

Ons verwag dat die Here die onreg teen my, op Sy tyd sal regmaak. Alhoewel Mordegai eenvoudig teruggekeer het na sy werk toe, was dit nie die geval vir Haman nie. Wat met Haman gebeur het, was so vernederend. Hy is in sak en as! Hy bedek selfs sy hoof - iets wat jy in daardie tyd gedoen het wanneer jy rou en treur! Dit is asof hy rou oor 'n

dooie!

By die huis aangekom, val die oordeel finaal op Haman se ore, by monde van sy vriende en sy vrou, Seres.

As dit so is dat Mordegai, voor wie jy hierdie eerste vernedering ondergaan het, tot die Joodse volk behoort, sal jy nie kan standhou voor hom nie. Voor hom sal jy heeltemal ondergaan. (v. 13)

Hier bring die skrywer nou uiteindelik vir ons sy onderliggende tema aan die lig en hy doen dit deur 'n baie subtile en briljante woordspeling. Dit kom nogal goed uit in 'n ander Engelse vertaling, wat Seres se woorde so vertaal: as Mordegai 'n Jood is, "then your bad luck, has only begun..."

"Bad luck"...is dit net "bad luck" wat hier met Haman gebeur? Letterlik staan hier: Haman se lot is alreeds bepaal. Sy *lot!* Die Pur het reeds geval! Onthou jy nog hoe Haman die dag en datum van die Jode se massa-moord bepaal het? Hy het die lot, die Pur gewerp! Die dobbelstene val egter volgens God se wil.

Die Here bepaal die mens se lot.

Sien jy die woordspeling? Dit is nie net Haman se "bad luck" nie! Dit is nie die noodlot nie - dit is juis die teenoorgestelde! Dit is die soewereine en almagtige God wat Haman na sy dood stuur! Haman wou heeltyd hê, dat Mordegai die Jood, voor hom moet neerval in vrees en eerbetoning.

Tog sal Haman, die Agagiet, uiteindelik in sy dood voor Mordegai val. Hoekom? Dit gaan nie hier oor Mordegai as persoon nie, maar die Jode as God se volk! Die Here bewaar Sy volk.

Hoe “toevallig”, dat die koning nie kon slaap nie en hoe “toevallig” dat Haman juis toe by die paleis se voorhof instap!

Dink nou vooruit tot by Matteus 27. Daar lees ons van Pontius Pilatus wat reg in die middel van Jesus Christus se verhoor is. In Matteus 27:19 lees ons hoe Pilatus se vrou vir hom hierdie boodskap stuur:

Moet tog niks te doen hê met dié regverdige man nie, want ek het vandag in 'n droom baie gely om sy ontwil.

Is dit toevallig dat Pilatus se vrou 'n rustelose nag gehad het? Net soos met Farao, Nebukadnesar, Darius en Ahasvéros kan ons verwag, dat die Here nou na die droom van Pilatus se vrou gaan ingryp; radikaal gaan ingryp. Om wat te doen? Om sy volk te red!

Die feit is: Jesus Christus is die Nuwe-Testamentiese “Mordegai”. Hy is nie gespaar nie, maar wel aan 'n paal opgehang! Dit was God se bonatuurlike, genadige ingrype om ons, sy Nuwe-Testamentiese volk te red!

Na hierdie wonderlike verlossingsdaad van ons Here Jesus, het die Vader vir Jesus Christus verheerlik. Die ‘koninklike kleed’ is as’t ware om Jesus se skouers gehang. Hy is die Een aan wie God eer wil betoon!

Die Vader het aan Jesus 'n naam gegee wat bo elke naam is,

“sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader.” (Fil. 2:9)!

Sien jy hoe word Christus verheerlik, net soos Mordegai in die boek Ester? Net soos Haman word Christus se vyande, die duiwel en al sy magte uiteindelik ook verneder! Jesus se vyande gaan hulle ewige dood tegemoet!

Die goddeloses, wat nie voor God wil buig nie, sal ewig rusteloos wees en bly. Die wat hulle teen God verhoog en in hoogmoed teen Hom in opstand kom, sal deur God self verneder word. Elkeen wat hom voor Christus verneder en die knie buig, sal vir vir ewig verhoog en verheerlik word! Elke knie moet voor Christus buig!

Hoe ver gaan jou vertrouwe in God se almag? Hoe seker is jy van die feit, dat God in beheer is van alles? Is Hy soewerein, almagtig en in beheer of is daar sekere areas waar dinge toevallig gebeur?

Hy is HERE oor my hele lewe - selfs die klein dingetjies! Ons kan seker weet niks is toevallig nie, want die Soewereine is in beheer.

7. Die Here keer boosheid om

Die wiel van die Here se geregtigheid draai vir die Kerk en téén die Bose

Ester 7

Haman se vernedering het alreeds begin. Reeds in hoofstuk 6 het Seres, Haman se vrou, dit duidelik gemaak: As Mordegai 'n Jood is, dan het Haman se val alreeds begin. Sy lot is verseël!

Terwyl Seres in hoofstuk 6 nog met Haman praat, kom die hofdiens van die koning om vir Haman na die Ester se tweede maaltyd te neem. Daar aangekom, is dit maar weer die gewone rituele. Hulle eet 'n maaltyd en drink, soos gewoonlik, wyn. Uiteindelik wend koning Ahasvéros hom tot Ester. Hy wil hê sy moet nou “oop kaarte speel”. Sy moet nou sê wat haar versoek is!

Ester se versoek begin

Koningin Ester antwoord toe: “As die koning my goedgesind is, en die koning dit goedvind, laat my en my volk toe om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek. Ek vra dit, want ons, ek en my volk, is verkoop om voor die voet uitgeroei te word. Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het, want dan sou die ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie. (v. 3,4)

Ons moet nou in gedagte hou, dat die koningin steeds in lewensgevaar is. Sy het alreeds die groot kans gewaag om ongenooïd voor die koning te verskyn. Wat sy nou doen, is haar tweede waagmoedige stap.

Haman se lot is reeds bepaal. Nog voordat Ester begin praat. Die Here se hand is onmisbaar. Tog moet Ester steeds optree. Sy moet haar versoek rig!

In Ester se woorde merk ons besondere wysheid op. Sy kies haar woorde baie versigtig! Kyk hoe gaan sy te werk:

Ester "herinner" die koning

Eers herinner sy die koning daaraan, dat hy van haar hou. Sy sê: "As die koning my goedgesind is". Sy herinner die koning daaraan, dat sy die koning se koningin is! Nie net dit nie, sy is sy gunsteling! Hy is liewer vir haar as vir enige ander een van sy vrouens! Sy is dus besig om aan te toon, dat sy en die koning in dieselfde span is. Hy moet dit nie vergeet nie.

Ester spreek tot die koning se hoogmoed

Sy weet egter, dat die koning se guns en liefde teenoor Ester nie genoeg is om hom te wen nie. Nee, nie vir Ahasvéros nie. Hy is 'n man wat gedryf word deur net een ding: sy eie ego! Onthou jy nog hoofstuk 1? Sommer in 'n oogwenk het hy die kroon van sy eerste koningin, Vasti, laat verwyder!

Ester weet, sy moet spreek tot die koning se liefde vir homself. As sy die

koning se hoogmoed kan voer, dan is haar posisie baie beter, om uiteindelik haar versoek te rig. Daarom sê sy nie net: “as die koning my goedgesind is” nie, maar ook daarna

...en [as] die koning dit goevind

‘n Goeie morele standaard gaan nie bepaal of die koning na Ester gaan luister of nie. Hy gee nie om wat reg is of verkeerd is nie. Dit het nou al duidelik geword in die vorige hoofstukke. Wat tel, is wat die koning goevind!

Ester maak haar herkoms bekend

Nou sit die koning en luister met gespanne afwagting...nou het die koningin sy volle aandag. Die koningin wil iets vra, wat hom direk gaan raak.

Laat my en my volk toe om te bly lewe

So vra sy. ‘n Groot oomblik! Sy maak eindelijk bekend dat sy ‘n Jodin is! Tog het sy dit strategies gedoen: eers die koning herinner dat hy wel lief is vir haar, ongeag haar herkoms. Toe ook die koning se ego en hoogmoed in haar guns gebruik. Die koning moes absoluut verstom gewees het! Daar is ‘n aanval op die koningin se lewe? Nie net op haar lewe nie, maar die lewe van haar volk?

Nou moet ons opmerk, dat Ester hier die presiese woorde van Haman se bevelskrif gebruik. Daardie bevelskrif wat die hele ryk deurgestuur is,

om almal te laat weet van die massamoord op die Jode. Ons kan nie help om te wonder, wat nou in die gemoed van Haman aangaan nie. Die koningin is ook 'n Jood?! Hy kan nie sy ore glo nie!

Ester beskuldig nie die koning van enigiets nie

...ons, ek en my volk, is verkoop om voor die voet uitgeroei te word.

So sê Ester verder. Elke woord uit haar mond, klink vir Haman so onwerklik! Hierdie sinnetjie is ook baie versigtig oorweeg. Ester maak seker dat sy nêrens die koning beskuldig nie, want onthou nou! Wie het die Jode verkoop? Wie het die transaksie met Haman aangegaan? Die koning self! Dit is die koning wat die Jode verkoop het, maar as Ester nou die koning daarvan beskuldig, is dit verby met haar. Ester praat daarom in die passiewe vorm. Sy sê nie 'die koning het my en my volk verkoop nie'. Sy sê

...ons is verkoop

Ester spreek tot die koning se selfsug

Ester het die saak tot dusver uitstekend gestel. Sy het dit duidelik gemaak dat die saak wat sy stel die koning direk raak. Dit is immers sy koningin wat in gevaar is. Dit is iets wat in sy koninkryk gebeur het.

Nou gaan sy nog 'n ekstra stap verder en wys vir die koning hoe ongerieflik hierdie hele saak vir hom gaan wees!

Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het...

sê Ester,

...want dan sou die ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie.

Die outeur van die boek beklemtoon dit vir ons, want hy wil daarmee 'n saak benadruk. Die feit is, dat Haman se val alreeds bewerk is en begin het, selfs nog voordat Ester haar mond oopgemaak het. God is volkome aan stuur van sake en tog, gebruik die Here vir Ester. Tog moet sy haar mond oopmaak en haar versoek rig!

Let mooi op: Ester het nog nie bekend gemaak wie die een is wat haar en haar volk wil uitroei nie. 'n Goeie koning sou teen hierdie tyd self twee en twee bymekaar kon sit. Hy moet mos weet, dit was Haman, maar Ahasvéros is 'n patetiese koning, wat nie eers deeglik bewus is van die beplande moord op die Jode nie. Hy het al vergeet van sy gesprek met Haman! Hy bars uit in woede en spoeg die vraag uit: "Wie is dit wat so iets beplan!"

Ester wek die koning se woede op

So het die koningin eindelijk reggekry wat sy wou: sy het die koning se woede opgewek. Een van die koning se kenmerkende eienskappe, is sy woede-uitbarstings. Tydens hierdie uitbarstings maak hy die onwyste en dwaasste besluite. Dan beskuldig sy vir Haman. 'Wie is dit wat so iets beplan?!' "Haman!" Jy kan eintlik sien hoe Ester elke woord afbyt terwyl sy met die vinger wys na Haman.

Haman is absoluut paniekbevange!

Wat doen die koning dan? Hy storm weg! Hy gaan na die paleis se tuin!
Hoekom? Omdat hy nie weet wat om met hierdie aanklag te maak nie!
Daarom storm hy uit.

Wat hy in die paleis se tuin gaan doen het, weet ons natuurlik nie, dit word nie vir ons vertel nie. Hoogswaarskynlik is hy op soek na raad. Hy roep sy raadgewers nader! Die koning was nog nooit 'n man wat op sy eie goeie besluite kon neem nie. Al die besluite, vanaf hoofstuk 1, is gemaak deur sy hofdienaars. Al die besluite was besluite wat in die koning se oor gefluister is, waarop hy bloot reageer het.

Wat die koning wel besluit het, is dat hy Haman kwaad wil aandoen en Haman het dit gesien.

Haman het egter bly staan om by koningin Ester om sy lewe te smeek, want hy het gesien dat die koning klaar oor sy ondergang besluit het. (v. 7)

Die koning het geweet hy gaan vir Haman veroordeel, maar op grond waarvan? Dit is nou die groot probleem. As die koning vir Haman veroordeel op grond van die beplande moord op die Jode, dan stel die koning homself in 'n baie swak lig. Hy weet, dat hy die een was wat nie net moord goedgekeur het nie, maar hy was ook die een wat die seëlring vir Haman gegee het om die bevelskrif mee uit te vaardig! Nee,

die koning kan nie die moord op die Jode openbaar maak nie.

Dit is waarom hy uitstorm. Hy is in 'n hoek vasgekeer. Haman moet weg. Haman moet doodgemaak word, maar hoe en waarom?

Die aanklagte word vir die koning gegee

Dan sien ons weer hoe die hand van die Here duidelik aan die werk is. Soos die koning terugstap en by die paleis ingaan, word daar as't ware twee aanklagte teen Haman sommer so vir die koning gegee!

Ahasvéros stap by die paleis in en op daardie oomblik (toevallig? Nee! sien hoofstuk 6!) was Haman net 'n bietjie te naby aan Ester...

Aanklag nr. 1: Aanranding van die koningin

Daar was baie streng reëls wat bepaal het dat niemand te naby aan die koning se vrouens mag kom nie. Uit die aard van die saak mag daar ook geen fisiese kontak wees nie. 'n Oortreding van hierdie wet, sou die doodstraf beteken. Haman het op daardie oomblik vir sy lewe gepleit; dalk die koningin se voete gesoen of iets van die aard en net daar besluit die koning: 'Dit sal die aanklag teen Haman wees! Haman het die koningin aangerand!'

Dit is duidelik dat dit 'n valse aanklag teen Haman was. Hy wou haar nie aanrand nie, maar het by haar gesmeek om sy lewe! Nietemin, die koning besluit om die klag van aanranding teen Haman te lê! Dit was vir almal baie duidelik wat nou moes gebeur. Haman verdien die doodstraf! Onmiddelik word hy geblinddoek, reg vir sy veroordeling!

Aanklag nr. 2: Poging om 'n vriend van die koning te vermoor

Intussen het Garbona, een van die konings se hofdienaars daar aangekom. Hy is duidelik ingelig oor die situasie. Het die koning hom dalk gaan roep toe hy uitgestorm het na die paleis se tuin? Ons weet nie. Wat ons wel lees, is dat Garbona 'n tweede aanklag teen Haman rig! Haman is die een wat Mordegai wou vermoor - Haman het selfs alreeds 'n hoë paal opgerig om Mordegai daaraan op te hang! Daar het die koning nog 'n rede om Haman ter dood te veroordeel! Haman, het 'n moord op een van die koning se vriende beplan. Mordegai was immers die een wat die koning se lewe gered het.

Haman se boosheid keer na hom terug

Heel ironies, eindig die hoofstuk met Haman wat opgehang word aan die einste paal wat hy vir Mordegai opgerig het. Haman was skuldig. Tot die dood toe skuldig. Tog is hy veroordeel op grond van ander, selfs valse aanklagte.

Wat 'n ramp...en tog het reg geskied...ten spyte van 'n dwase koning en 'n gebroke regsisteem, het God die boosheid omgekeer. God het die boosheid van Haman op sy se eie kop laat terugkom!

God, as koning, is geheel en al anders as Ahasvéros. Kyk hoe radikaal verskil God, as koning, van Ahasvéros:

Die Here, anders as Ahasvéros, is alwys

Anders as koning Ahasvéros, weet die Here altyd wat om te doen in

moeilike situasies. Die Here storm nooit uit nie! Daar is geen saak wat vir God in 'n hoek vasdruk nie. Niks is vir Hom so moeilik, dat hy vir 'n oomblik sy pos as Koning moet verlaat en ander raadgewers nader roep nie. Die Here storm nooit weg nie, want Hy is wys.

Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand. (Jer. 10:12)

Dit is hierdie wysheid van God, wat Hy ook vir Sy kinders gee. Hy het dit vir Ester gegee. Daar is iets soos aardse wysheid, maar dan is daar ook hierdie wysheid wat net van God af kom. Hy is die Begin en Gewer daarvan.

Daniël het byvoorbeeld gesê, die wysheid en die verstand wat hy gehad het om vir die koning Nebukadnesar advies te gee, was wysheid en verstand van God af (Dan. 2:20).

Ons lees ook hoe die Here vir koning Salomo wysheid wat nog nooit by enigiemand anders gevind is nie, gegee het.

Jy weet, dat ons dan ook in Mattheus lees van Een wat wyser is as Salomo. Een wat wysheid ontvang het, om die moeilikste strikvrage van die Fariseërs te ontlont. Wysheid, om die regte antwoord te gee op die regte tyd. Wysheid, om mense op die regte, besondere maniere wonderbaarlik te genees. Dit is natuurlik Jesus Christus, wat wyser is as Salomo. Lukas beskryf vir ons, dat Jesus as kindjie hier op aarde,

...gegroeï het “en sterk geword het in die Gees en vol van wysheid [geword het] (Luk. 2:40).

Die Apostel Paulus gaan verder en sê Jesus Christus is self die Wysheid van God! (1 Kor. 1:24).

Ook : *[In Hom] is al die skatte van wysheid en kennis verborge (Kol. 2:3).*

Hoe het Ester geweet *wat* om vir die koning te sê? *Hoe* om dit te sê? Waar het haar waagmoed, haar woorde, haar tydsberekening en beplanning vandaan gekom? Die Here het daardie wysheid vir haar gegee. Die Here gee Sy wysheid in Christus vrylik vir enigiemand wat daarvoor vra. Ons lees in Jakobus:

En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. (Jak. 1:5).

Ons vra die Here vir hierdie wysheid en ons aanbid ook die Here Jesus, omdat Hy die begin en einde van alle wysheid is! Godsvrees, daar moet ons begin geliefdes. Aanbidding van die Here. Soek na God. Vra na die skatte van wysheid en insig wat verborge lê in Christus!

Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand. (Spr. 9:10).

Anders as Ahasvéros, is die Here regverdig

God is so anders as koning Ahasvéros. God is wys en Ahasvéros dwaas. Ons kyk ook na 'n ander verskil tussen God en Ahasvéros.

God het nog nooit en sal ook nooit 'n valse aanklag teen enigiemand lê nie, want Hy is regverdig. Die Psalms sing keer op keer daarvan:

Die HERE is genadig en regverdig, en onse God is 'n ontfermer! (Ps. 116:5)

Hy sal die volke regverdig oordeel (Ps. 96:10)

Ons weet, die Here het 'n klag teen ons gelê. 'n Klag teen die hele mensdom. Nie een mens is regverdig nie; niemand nie. Elke liewe mens het sy rug op God gedraai en dit maak hulle skuldig - elkeen verdien die doodstraf! Dit is God se aanklag.

Is dit onregverdig? Was die aanklag teen ons geldig, of het die Here redes gesoek om ons te veroordeel? Nee, die Here maak nie valse aanklagtes nie. Die mensdom was regverdig verdoem. Ons was vyande van God. Teëstanders van die Koning. Ons was slegte Haman!

Tog is dit nie ons wat geblinddoek is om veroordeel te word nie. Die straf van Haman was ons s'n - om geblinddoek aan 'n paal te hang. Maar God het 'n ander Een in ons plek gegee, om die Hamanstraf te dra.

Hulle het Hom geblinddoek en Hom in die aangesig geslaan... (Luk. 22:64).

Hoe aangrypend kom al hierdie dinge bymekaar, wanneer ons die woorde van die hoofman oor honderd lees, toe hy die spies in Jesus se sy steek

...waarlik, hierdie man was regverdig! (Luk. 23:47)

Met Jesus se woorde “dit is volbring”, het *die Koning se woede bedaar*. Die Here se toorn oor Sy uitverkorenes het tot bedaring gekom.

Die wiel van God se geregtigheid draai téén die bose!

Dit is in die Here se *wysheid* en *regverdigheid* dat hy veroorsaak dat die boosheid terugkeer op die bose mense se koppe. Ons sing dit in Ps. 9:

Die heidene het gesink in die kuil wat hulle gemaak het; hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het.

Die wiel van God se geregtigheid draai ten goede vir die Kerk!

Die wiel van God se geregtigheid draai ook vir die kerk en haar beswil! Die gebeurtenis in Ester is hiervan vir ons ‘n sprekende voorbeeld. Die Here is so almagtig, dat Hy selfs die boosheid van hierdie wêreld verander tot my en jou beswil.

Verwag die goeie van Hom, want Hy is *regverdig*. Soek sy hulp in moeilike omstandighede, want Hy is *wys*.

8. 'n Tweede bevelskrif

Die Here se Tweede Bevelskrif, maak van ons briewe in elke provinsie

Ester 8

Die Here is, in Sy almag, besig, om die boosheid om te keer. Die wiel van Sy geregtigheid draai, al draai dit stadig. Iemand het eenkeer gesê - *die Here se meule draai, al lyk dit nie so vir ons nie. Die Here se meule draai stadig en Hy maal baie fyn.*

In Ester 8 sien jy hoe daardie meule van die Here verder maal. Ons het gehoor van die eerste bevelskrif wat Haman destyds uitgestuur het, om die Jode te vermoor. Ester 8 vertel van 'n tweede bevelskrif - 'n *lewensbrief* vir die Here se verbondsvolk.

Die aanloop tot die tweede bevelskrif

Die seëlring wat eens aan Haman se vinger was, word nou aan Mordegai, die Jood oorhandig. So word Mordegai tweede in bevel. Ester ontvang ook Haman se hele huis. Met "huis" word nie net sy eiendom bedoel nie, maar alles anders - alles wat Haman op aarde gehad het, word aan Ester oorhandig. Ester stel weer op haar beurt vir Mordegai oor die hele huis van Haman aan,

As ons dit lees, beseft ons dit is een groot, Goddelike ironie, wat hier

plaasvind. So ironies, dat alles wat Haman vir Mordegai beplan het, nou omgekeer word. Nie net word Haman gehang aan die paal wat vir Mordegai bedoel was nie, maar Mordegai neem nou ook Haman se posisie in die koninklike hof in.

So openbaar die Here ook sy reg. Wat hier met Haman gebeur, is woordeliks waarvan Job profeteer:

*Al hoop hulle hulle geld op soos stof, en al is hulle klere so volop soos klei, 17 wat hulle bymekaargemaak het, sal deur die regverdiges gedra word, en onskuldiges sal die goddeloses se geld onder mekaar verdeel.
(Job 27:16,17)*

Alles wat Haman vir homself opgebou het, word na sy dood net so vir Mordegai en Ester gegee! So maak die Here alles reg, wat die goddeloses verkeerd gedoen het. So draai die wiel van Sy geregtigheid ten gunste van Sy Kerk! Die Here se hand is steeds onmisbaar duidelik, ook in hierdie hoofstuk van die boek!

Kyk nou bietjie vanuit 'n ander hoek na Haman en Mordegai. Haman en Mordegai is albei in 'n beroep. Belangrike beroepe. Haman, aan die een kant, klim die “korporatiewe leer”, sodat hy uiteindelik bevorder word as tweede in bevel. 'n Groot en noemenswaardige prestasie, maar hoe het hy daar gekom? Wat was Haman se een, groot doelwit? Hyself en sy mag; sy roem en sy eer.

Kyk nou na Mordegai. Ook hy staan in die koninklike paleis. Hy beoefen

sy beroep getrou. Hy klim ook die “korporatiewe leer”, maar hy het ’n totale ander doelwit as Haman. In die vorige hoofstuk sien ons Mordegai se goeie gesindheid. Die leer wat Mordegai uitklim, staan teen die regte muur!

Die vraag is nie of ons bo aan die leer uitkom nie. Die vraag is of die leer teen die regte muur staan. Wanneer ons soos goddeloses te werk gaan, kan ons seker wees dat die Here se oordeel rus op alles wat ons vir onself bymekaarmaak. Daar sal niks daarvan oorbly nie - die Here sal dit aan die regverdiges gee!

Kom ons gaan verder. Ons kyk steeds na die hele aanloop tot die skryf van die tweede bevelskrif.

Tussen verse 2 en 3 verloop ’n paar maande. Ester en Mordegai wag in spanning vir koning Ahasvéros om op te tree. Hulle het gehoop, dat hy nie net vir Haman ter dood gaan veroordeel nie, maar dat hy ook iets sal doen aan die bevelskrif wat Haman uitgestuur het! Tog hoor hulle verder niks van die koning nie.

Ester het weer met die koning gepraat. Sy het voor hom gekniel, gehuil en hom om genade gesmeek. Sy het hom gevra om die bose plan wat Haman die Agagiet teen die Jode beraam het, ongedaan te maak. (v. 3)

Ester vra die onmoontlike. Sy vra, dat die onherroeplike wet van die koning herroep moet word! Haman was nie die grootste probleem nie. Haman se nalatenskap is die groot bedreiging waarvan die Jode verlos

moet word! Hiervoor pleit Ester.

Kyk weer na die manier waarop sy die koning nader. Hierdie keer nie koel en kalm soos die vorige kere nie. Hierdie keer is sy emosioneel en bars sommer in trane uit!

Ons het in die vorige hoofstukke al baie aandag gegee aan die wysheid van Ester en hoe wys sy te werk gegaan het. Haar wysheid word duidelik in die manier waarop sy te werk gaan met die realiteite van haar wêreld.

Salomo leer ons in die boek Spreuke, dat juis dit die definisie is van ware, Godgegewe wysheid. Dit is om te verstaan hoe dinge werklik is. Dit is om bekwaam om te gaan met die realiteite van hierdie lewe.

Ester het geweet sy het te make met 'n dwase en hoogmoedige koning. Dit is 'n werklikheid. Kyk hoe wys het sy te werk gegaan met hom! Sy het geweet, sy sal nie direk net vir die koning kan vra om die bevelskrif terug te trek nie. Sy het biddend 'n plan beraam en stukkie vir stukkie die plan ontplooi terwyl sy treetjie vir treetjie die Here vertrou.

Kyk ook hoe gebruik sy die middele tot haar beskikking. Toe sy destyds haar heel eerste versoek aan die koning gerig het, het sy haarself eers mooi aangetrek. Sy het "eg koninklik" aangetrek. Dit was wys van haar, want sy het dit gebruik, om die groter doel van God se verbondsvolk en hulle redding te bevorder.

Sy het ook nêrens die koning beskuldig nie. Sy het telkemale haarself toegespits op sy ego. Sy verwaandheid en sy dwaasheid. Die koning is 'n dwase en goddelose koning - dit is die realiteit waarin sy haarself bevind, maar kyk watter wysheid het die Here haar gegee, sodat die koning uiteindelik haar versoek toegestaan het.

Hierdie keer, in hoofstuk 8, weet Ester, dat sy nou al baie van die koning gevra het. Sy weet sy geduld is min en hy het nou reeds aan haar versoek voldoen om Haman te veroordeel. Dit is presies hoekom sy met veel wysheid 'n baie emosionele beroep op die koning doen. Haar woorde aan die koning is eintlik: "O, koning, as jy regtig, selfs net 'n bietjie van my hou, sal jy die bose plan van Haman ongedaan maak!"

"Versigtig soos slange en opreg soos duiwe"

Hier is nou weer 'n skerp raakpunt. Ons word as kinders van die Here, as dissipels, net soos Ester uitgestuur om soms (meestal) standpunte in te neem tot eer van van God en Sy koninkryk. Ons leef vir 'n hoër doel. Jesus het sy twaalf apostels uitgestuur met hierdie woorde:

Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe. (Matt. 10:16)

Wat bedoel Jesus hiermee? Hy bedoel dat die apostels en ons in 'n vyandige wêreld ingestuur word, wat potensieel dodelik is vir ons, die skape. Die enigste manier om te oorleef is om soos slange en duiwe te wees. Slange dra die konnotasie van slinksheid en versigtigheid. Duiwe, daarenteen, dra die konnotasie van onskuld. Nou verstaan ons natuurlik,

dat Jesus onder geen omstandighede vir ons sê, dat ons slinks en skelm moet wees nie. Hy gebruik die metafoor in 'n positiewe sin.

Ons moet 'n balans handhaaf, as Christene, tussen weldeurdagte versigtigheid en opregte onskuld in ons doen en late as dissipels. In ander woorde, ons moet wys wees. Versigtig en onskuldig omgaan met die besluite, probleme en geleenthede waarvoor ons te staan kom. Ons sien dit so duidelik by Ester! Versigtig soos 'n slang en opreg soos die duiwe!

As Christen is daar miskien 'n bepaalde goeie saak waarby ek betrokke moet raak. Dalk is daar 'n saak wat ons moet hanteer en ons moet dit gelowig en met wysheid hanteer. Tog kan ons nie altyd, weens die gebrokenheid van hierdie wêreld, net met die "deur in die huis val nie". Ons weet wat is die ideaal. Ons weet wat is reg en wat moet gebeur, maar soms moet ons Goddelike wysheid aan die dag lê en stuk vir stuk met 'n plan werk terwyl ons tree vir tree op die Here vertrou. So, jy bevind jou dalk in 'n situasie, waar dit wyser sal wees om in fases te werk te gaan.

Ander kere, is daar dalk middele tot jou beskikking. Dink aan Ester wat die materiële middele in die vrouehuis aangewend het, om guns by die koning te vind. Dalk stel die Here ook materiële middele tot jou beskikking, sodat dit kragtig aangewend kan word in die bevordering van die Evangelie.

Nog 'n voorbeeld, uit Ester 8 - dalk het jy, en net jy, toegang tot

invloedryke en magtige persone en kan 'n mens in groot wysheid ook hulle beweeg om 'n rol te speel ideaal tot uitbreiding van God se Koninkryk?

Laastens, dalk, is 'n emosionele beroep op iemand, die deurslaggewende ding om te doen. Dalk is jou verhouding met die persoon, iets wat in diens staan van die Here se kinders, soos Ester se verhouding met Ahasvéros?

Uiteindelik gaan dit daaroor, dat ons na Christus toe gaan en wysheid van Hom vra. Hy is Wysheid. Ons wil nie soos Ester of soos Mordegai wees nie. Ons moet soos Christus wees en dit beteken dat ons versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe moet optree ter wille van God se Koninkryk.

Die opstel en uitstuur van die tweede bevelskrif

Ester het die koning gevra om die onherroeplike te herroep. Ahasvéros se reaksie is soos ons nou al van hom kan verwag. Hy antwoord Ester en Mordegai eintlik ongeduldig.

Dit is duidelik, dat hy nie vreeslik bekommerd is oor wat met die Jode gaan gebeur nie. Hy het en sal ook nie 'n poging aanwend om Ester en haar mense te help nie. Hoekom sal hy? Dit baat hom nie? Buitendien lyk die saak vir hom onmoontlik - 'n wet van die koning is onherroeplik! Die koning kan nie sien hoe die geskrif van Haman enigsins teruggetrek kan word nie. Die saak is vas. Daarom sê Ahasvéros:

Skryf julle maar, wat die Jode betref, soos julle dit goedvind uit naam van die koning, en verseël dit met die seëling van die koning; want 'n geskrif, in naam van die koning geskrywe en verseël met die seëling van die koning, kan nie herroep word nie. (v. 8)

Mordegai se beste alternatief, is om 'n tweede bevelskrif in die naam van die koning uit te ryk. 'n Tweede bevelskrif, wat nie die eerste ongedaan maak nie, maar wat die Jode 'n kans op oorlewing gee.

Mordegai vaardig 'n wet uit, in die naam van die koning, dat die Jode op die dag van die beplande massamoord, hulleself mag verdedig teen enigiemand wat hulle aanval. Die Jode verkry die reg op verdediging!

Hierdie brief word vinnig met die koninklike posdiens uitgestuur, sodat al die Jode in die hele Persiese Ryk hulle kan voorberei vir die dertiende Adar - die gevreesde aanvalsdag!

Christus, die tweede bevelskrif - ons lewensbrief!

In hierdie twee briewe, lê vir ons 'n pragtige illustrasie van die hele Evangelie. Daar is 'n doodsbrief uitgestuur - 'n bevelskrif van die Koning. 'n Bevelskrif wat die lewe van die mense eis. Dit is die nalatenskap van ons oer-voorvader, Adam. Al is Adam lank reeds oorlede, staan die doodsbrief van die erfsonde en die ewige dood steeds.

Die doodsbrief is onherroeplik. Tog sit die Here nie terug soos Ahasvéros nie. Hy laat 'n tweede bevelskrif uitgaan. 'n Alternatief vir die Here se verbondsvolk. Die tweede brief is 'n lewensbrief. Dit is Christus.

Daar is vir ons verdediging, in Christus! Hy is ons verdediging, wanneer die gevreesde oordeelsdag aanbreek! Hy is die Rots waarin ons skuil. Hy is ons enigste hoop op oorlewing!

Die apostel Paulus sê in 2 Kor. 3, dat ons nie net die lewe ontvang met hierdie tweede brief nie, maar dat ons self ook briewe gemaak word!

...julle [is] duidelik 'n brief van Christus...deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart. (2 Kor. 3:3)

Ons word, as Christus se briewe, uitgestuur na al die provinsies regoor die wêreld, sodat almal mag hoor: daar is verdediging in Christus - daar is 'n tweede bevelskrif; 'n lewensbrief!

Die gevolge van die tweede bevelskrif

Wat is die gevolg van hierdie tweede bevelskrif? Kyk na vers 16:

Vir die Jode was daar lig en vrolikheid en vreugde en eer

Nie net was die Here se verbondsvolk bly en vrolik nie, maar wonderlik genoeg lees ons verder - baie van die volke rondom hulle het self ook Jode geword! Van die ander volke het die gebruike en die geloof van die Jode aangeneem! Natuurlik was dit omdat hulle bang was vir die Jode wat nou by magte was om hulleself te verdedig. Hierdie ander mense wat Jode geword het, het ook besef, dat dit polities baie meer sin maak om in die guns van die Jode te wees, aangesien Mordegai (die Jood),

nou die seëlring van die koning dra!

“die skrik vir die Jode het op hulle geval” (v.17)

Hulle was bang vir die Jode. Maar is dit al wat hierdie frase beteken? Beslis nie. Elke keer as ons in die Ou Testament hierdie sinnetjie lees, dan dui dit daarop dat die omliggende volke bang was vir die Jode, maar nie omdat hulle Jode was nie - omdat hulle gesien het waartoe die God van die Jode in staat is!

Wat is die gevolg van die tweede beveldskrif? Die skrik vir die Jode het op die mense geval! As ons kyk na alles wat tot dusver in hierdie verhaal gebeur het, staan ons ook net verstom oor hoe groot die Here is.

Dit is die groot rede waarom ons in wysheid moet optree. Waarom ons wyse besluite moet neem, soos byvoorbeeld in jou beroepslewe, waar jy die korporatiewe leer klim. Dit is nie net sodat ons in hierdie lewe bo kan uitkom nie. Dit is sodat hierdie “skrik” op die mense sal val. Ons is briewe van Christus en wanneer die mense ons woorde en daede lees, moet hulle lees van Christus en sy groot genade!

9. Onthou die werke van die Here!

Die Here stel vir ons feeste in, om ons te herinner aan Sy wonderwerke

Ester 9 & 10

Christene sê baie keer “ons dink elke dag aan die verlossing van Christus”. Of hulle sê iets soos “Elke Sondag is vir ons ’n geleentheid om te dink aan Jesus se opstanding uit die dood”. Ons is natuurlik nie verkeerd as ons dit sê nie, maar is dit regtig so? Dink ons altyd daaraan?

Ons weet die realiteit is dat ons baie vergeetagtig is. Vergeetagtig ook, oor ons verlossing en die wonderwerke van die Here. Tog is dit iets wat ons gereeld moet doen en waarin ons onself moet oefen: om die werke van die Here te onthou. Dit is hoe dankbaarheid in ons harte groei. Dit is hoe ons moed hou en hoop - wanneer ons die werke van die Here onthou.

Die Here ken sy kinders, en Hy weet hoe vergeetagtig ons is. Daarom stel hy ook sekere tye vas, om ons doelbewus te herinner aan Sy werke. Die Here gee vir ons dae en datums. Hy gee feeste en geleenthede om ons geheue te verfris. Partykeer is daar ook by ons as individue, spesifieke dae of tye, waar ons terugdink aan iets wat die Here op daardie tyd in die verlede vir my gedoen het. Dalk is daar ’n datum wat

die Here iets groots in jou lewe gedoen het. Dit is baie goed, om telkens weer op daardie dag jouself te herinner aan die Here se wonders in jou lewe.

Ester 9 vertel van die Purimfees, wat vir die Jode 'n groot feesdag is, waartydens hulle die wonders van die Here onthou.

Hierdie laaste hoofstukke van die boek Ester is vreemd en dit is asof die skrywer totaal “buite karakter” skryf. Baie mense beweer dat dit 'n latere byvoeging tot die boek is, maar dit lyk nie of daar genoeg bewyse daarvoor is nie. Ek vermoed dat die rede waarom hierdie laaste hoofstuk se skryfstyl bietjie anders is, is omdat die skrywer nou nie meer op die karakter van Ester en Mordegai fokus nie, maar eerder op die gebeure rondom die instelling van die Purimfees. Ons gaan dus ook die boodskap van hierdie laaste hoofstukke mis, as ons nie die hoofstukke in geheel hanteer nie. Die “storie” val plat, as ons dit te fyn opbreek.

Met die Purimfees onthou die Jode die werke van die Here

Ons ontdek hier, *die ontstaan van die Purimfees is die doel van hoofstuk 9*. Dit gebeur mos baie keer dat 'n mens allerhande feeste en gebeurtenisse herdenk, maar die oorspronklike rede vir die fees gaan verlore. Die doel van die boek Ester, is om die verhaal agter die Purimfees te beskryf. Om weer vir die mense te herinner aan die rede vir die fees.

Vandag nog, as die Jode die Purimfees vier, dan word die sogenaamde *megillah* (die boekrol, Ester) op die aand van die veertiende Adar

voorgelees. Daarna, op die oggend van die vyftiende weer 'n keer. Die kort en kragtige boodskap van die boek Ester en die rede vir die Purimfees word vir ons weer genoem in 24 en 25:

Want Haman, die seun van Hammedáta, die Agagiet, teëstander van al die Jode, het 'n plan beraam teen die Jode om hulle uit te roei, en die Pur, dit is die lot, gewerp om hulle te vernietig en hulle uit te roei. Maar toe dit voor die koning kom, het hy skriftelik bevel gegee dat sy goddelose plan wat hy teen die Jode uitgedink het, op sy eie hoof moes neerkom; en hulle het hom en sy seuns aan die galg opgehang.

Hier vind ons ook die rede vir die naam “Purimfees”. Dit kom van die Persiese woord “Pur” wat, soos ons nou alreeds weet, “lot” beteken.

Die Purimfees is regtig een groot fees, waar kos saam geëet word, uitgedeel word en daar oor en weer goeie geselskap geniet word. Daar is nie 'n vroliker fees op die Joodse kalender as die een nie! Die Jode onthou natuurlik veral die laaste, finale oorwinning oor Haman en al hulle haters, soos dit hier in hoofstuk 9 beskryf word.

Met die fees, onthou die Jode die finale oorwinning oor die Amalekiete

Die groot en vreesaanjaende dag het aangebreek. Die dertiende Adar - die dag waarop die lot geval het, toe Haman dit destyds gewerp het. Die dag waarop al die Jode uitgemoor sou word. Toe het die Here net die omgekeerde laat plaasvind! Na 'n reeks skynbare “toevallighede” het die Here alles omgekeer. Die Jode ontvang die reg op verdediging. Nie net

dit nie, maar selfs die beamptes en goewerneurs steun nou die Jode, want hulle is bang vir Mordegai, die magtige tweede bevel van die koning! Die Jode het toe op die aanvalsdag, soos vers 5 stel:

...onder hulle vyande 'n slagting aangerig deur die swaard en deur doodslag en verdelging, en met hulle haters na hulle goedvinde gehandel.

Dit is belangrik om net hier op te merk, dat die Jode hier uit was op verdediging. Hulle het nie 'n massamoord teen die ander inwoners van die Persiese Ryk geloods nie. Dit was nie rebellegroepe wat net geweld en moord gesaai het nie. Nee, sou iemand hulle aanval, het hulle verdedig. Hulle daad was dus nodig en geregverdig. Ons vind hier geen regverdiging vir een of ander "heilige oorlog" of iets van die aard, soos dit al in die verlede in die geskiedenis plaasgevind het nie.

Daar is nog iets wat herhaaldelik in hierdie hoofstuk genoem word. Miskien het jy dit opgemerk. Drie keer lees ons, die Jode het:

...na die buit hulle hand nie uitgesteek nie

Dit wys dat hulle doel juis die teenoorgestelde was as Haman s'n. Haman wou die Jode uitmoor en hulle besittings neem. Die Jode moes verdedig, maar het niks van die vyande se besittings vir hulleself geneem nie.

Daar lê egter veel meer in hierdie herhalende woorde. Dit moet ons

herinner aan die volk Israel in die tyd van Josua. In die boek Josua lees ons telkens, hoe die Israeliete die ongelowige volke met die banvloek moes tref. Die banvloek het ingehou dat almal vernietig moes word en niemand is toegelaat om enige besitting van die ongelowiges vir hulleself te neem nie. Alles van daardie stad of daardie mense was dan onder die ban en hulle besittings moes dien as 'n banoffer aan God.

So lees ons byvoorbeeld hoe Josua en die volk die stad Jerigo inneem, maar Josua waarsku die volk, dat hulle nie *hulle hand na die buit moet uitsteek nie*, want alles is onder die banvloek van God.

Die feit dat die Jode hier in Ester ook nie hulle hand uitsteek na die buit nie, herinner aan die banvloek. 'n Banoffer aan die Here. Hierdie oorlog in Ester 9 is inderdaad 'n oorlog waarvan God self die Bevelvoerder is. Dit is 'n oorlog, soos in die dae van Josua. 'n Oorlog tussen God se volk en die heidene, die Amalekiete. Wat hier in hoofstuk 9 gebeur, is God wat Hom wreek op die nageslag van Amalek!

Die Amalekiete was een van Israel se eerste groot vyande. Dit het ons reeds in die eerste hoofstukke van Ester gesien. Dit is nietemin goed om weer daarna te kyk.

Ons lees in Eksodus 17, hoe die Amalekiete vir Israel teengestaan het. Moses beveel toe dat Josua moet oorlog maak teen die Amalekiete. Israel het eindelijk oorwin teen Amalek, maar wat nou insiggewend is vir ons begrip van Ester 9, is hierdie woorde wat Moses oor Amalek gesê het, alreeds in Eksodus 17:

Oorlog het die HERE teen Ámalek van geslag tot geslag.

Later, in 1 Samuel 15, hoor ons hoe die Here self vir koning Saul hierdie opdrag gee:

Gaan nou en verslaan Ámalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het.

Ons weet ook reeds dat Saul nie gedoen het wat die Here beveel het nie; hy het nie alles met die banvloek getref nie. Saul het wel van die buit vir homself gehou.

Jy sien dus nou die oorlog lyn, soos dit vanaf Eksodus regdeur tot by Samuel en dan uiteindelik tot hier by Ester loop.

Die Amalekiete is ook hier, in die boek Ester, want ons het vroeg in die boek al uitgevind, dat Haman 'n nasaat is van niemand anders as Amalek nie! Die oorlog wat God voer teen Amalek duur voort. Die banvloek rus steeds op Amalek en daarom die herhaling in Ester 9, die klem op hierdie feit, dat die Jode in hulle verdediging nie *hulle hand uitgesteek het na die buit nie!*

Hier word die finale veldslag geloods. Die Amalekiete word vernietig. Haman en ook sy tien seuns word doodgemaak. Ester versoek selfs die koning dat die lyke van die tien seuns ook aan pale opgehang moet word. Is dit nie onnodig wreed van Ester nie? Miskien. Vir ons is dit baie

gewelddadig. Ester is egter net tevrede met 'n totale oorwinning. “Vervloek is elkeen wat aan 'n paal hang”, sê die Here in Deuteronomium. Daarom word Haman en sy seuns as vervloektes aan 'n paal gehang.

Die vloek op Amalek is voltrek. “Die konflik wat in die woestyn tussen Israel en Amalek begin het, word voltrek tussen Haman en Mordegai in die paleis”, sê Spurgeon.

Dit gaan hier oor meer as net een volk wat hulleself verdedig teen 'n ander. Dit gaan hier oor God wat Homself hou by die Moederbelofte. Daardie belofte wat God destyds aan Eva gemaak het in Genesis 3:15:

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.

Die Een wat die slang se kop sal vermorsel, die een uit die saad van die vrou, moet uit die Jode gebore word. Die Slang probeer dit keer. Tog is die Here besig om in Ester te hou by Sy beloftes aan Eva! Dit is waarom die Purimfees ingestel is - om hierdie magsdaad van God deur die eeue te onthou!

Die instelling van die fees, bring geloofsoplewing onder die Jode

Hierdie oorwinning wat die Jode behaal het, was ook die Here se manier om hulle te herinner. Dink nou mooi hieroor na. Hier het ons die Jode, wat jare gelede in ballingskap weggevoer is en verspreid woon. Hulle

bevind hulle oral in die heidense en magtige Persiese Ryk. Baie van die Jode kry kinders gedurende hierdie tydperk. So begin die Jode saamsmelt met die kultuur en die samelewing. Hulle begin al hoe meer word soos die Perse.

Hulle moet elke dag dink aan die Here, die God van Israel. Hulle onderrig hulle kinders in die wet, wanneer hulle ookal die geleentheid het (Deuteronomium 6). Tog sukkel hulle in hierdie omstandighede, om die werke van die Here te onthou. Dan, wanneer die Here op so 'n magtige manier ingryp, ruk dit die Jode diep in hulle geloofsfondasies! Die Here bring swaarkry en verdriet oor hulle pad, sodat hulle weer in hulle geloof versterk mag word.

Hulle is steeds die volk van God, al is hulle ver verstrooid! Die Here dink nog aan hulle, daar in die vreemde land van koning Ahasvéros! Die Here hou nog by Sy beloftes! Die Here tree nog op vir Sy verbondsvolk!

So is dit met ons, is dit nie! Die Here gebruik ons omstandighede, ons verdrukking en ons moeite, om ons tot in ons geloofsfondasies te ruk. Ons moet weer onthou - die Here hou Sy beloftes; die Here tree op, vir my!

Daarom het die Jode na hierdie oorwinningsdae feesgevier met blydschap wat hulle lanklaas ervaar het! Die blydschap van die fees, is 'n geloofsblydschap. Dit is blydschap, omdat God steeds optree vir Sy verbondsvolk. Dis blydschap in die Here. Dit is blydschap wat die verbondsdade van die Here vier!

Met die Purimfees, word die Jode dus herinner aan die werk van die Here. Hulle word herinner aan Sy verbond met hulle. En hierdie herinnering word 'n fees!

Wie stel die fees in? Wie het dit bekragtig? Niemand anders nie, as Mordegai. Die laaste verse van hoofstuk 9, vertel hoe Mordegai en Ester briewe van vriendskap en blydschap regdeur die koninkryk gestuur het. Briewe waarin Mordegai beveel, dat die fees in elke geslag onderhou moes word. Dit is 'n datum waarop die Jode doelbewus die geleentheid moes gebruik om terug te dink aan die wonders van die Here wat Hy daar in Persië bewerk het.

Die Jode kon in rus en vrede die fees vier, want Mordegai het toegang tot die troon. Mordegai hou hulle beste belange voor oë. Mordegai, tweede in bevel by die koning, soek die heil van sy volk.

Met die Nagmaal, onthou ons die werke van die Here

Aan die einde van die boek Ester, kan ons ook verstom wees oor die werke van die Here in die geskiedenis. Hoe elke persoon in die verhaal sy eie besluite neem, sy eie planne maak en tog geskied God se wil.

Dit word so duidelik: my lot is in die Here se hand!

Die Here hou Sy verbond in stand. Hy gaan nie terug op sy woord nie, al lyk die situasie vir ons so kompleks - die wiel van God se geregtigheid draai! Dieselfde geld vir ons in ons tyd. Al lyk die situasie en

omstandighede hóé kompleks - die Here is besig om in die mense se geskiedenis te werk. Hy bly altyd by Sy beloftes.

Ons moet hierdie wonders van die Here onthou: die groot ommekeer wat die Here ook vir ons bewerk het. Ook ons het 'n fees om onself te herinner aan die Here se werke. Elke Sondag is so 'n fees, maar in besonder het ons die Nagmaalfees:

I) Soos die Purimfees, is die Nagmaal vir ons 'n herinnering aan die feit dat die Here ons lot verander het...nee, totaal en al omgekeer het! Waar ons gedoem was tot totale verdelging en uitwissing, is ons gespaar.

II) Die Nagmaal herinner ons aan die Moederbelofte - daardie belofte dat daar vir ons 'n Messias gebore is uit die geslag van Eva. Die herinnering dat Christus die Slang se kop vermorsel het!

III) Die Nagmaal is 'n fees wat ons van geslag tot geslag moet onderhou. Die Here weet hoe vergeetagtig ons is. Daarom stel hy feeste en sakramente vas, om ons geheue te verfris met die wonderlike evangelie, dat Christus vir my vervloek is, dat Jesus vir my aan 'n paal opgehang is en ek so vrygekoop is en losgekomp het van God se vloek.

Die boek Ester sluit af met hierdie woorde:

Want die Jood Mórdegai was die tweede in rang onder koning Ahasvéros; en hy was groot by die Jode en 'n liefling by die menigte van sy broers, omdat hy die heil van sy volk gesoek en tot welsyn van sy

hele nageslag gespreek het (Ester 10:3)

Mordegai, die liefeling by sy broers - die een wat die heil van die volk gesoek het, daar by die troon van die koning.

IV) Die Nagmaal herinner ons, dat ons iemand by die troon van die Koning het. 'n Held, wat ons heil soek. Ons Here Jesus, soek ook die heil van Sy volk.

Ons blydschap as Christene is 'n geloofsblydschap. Dit is blydschap, omdat God steeds optree vir Sy verbondsvolk. Dis blydschap in die Here. Dit is blydschap wat die verbondsdade van die Here vier!

Vier die Nagmaalfees, om weer die wonderwerke van die Here te onthou! Onthou, dat jou lot in die Here se hand is.